UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL CLXXI.] PRYS 6d. PRETORIA, 16 JANUARIE 16 JANUARY 1953. PRICE 6d. [No. 4990.

INHOUD.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linker-bohoek met 'n ✱ gemerk.

Proklamasies en Goewermentskennisgewings in „Buitengewone Staatskoerante" gepubliseer, word vir verwysingsdoeleindes in die weeklikse inhoudsopgawe ingesluit.

No. BLADSY

Volksraad.

Private Wetsontwerp op die Lichtenburgse Waterwerke 1

Goewermentskennisgewings.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE:

✱ 92. Intrekking van Erkenning as Konsul van Frankryk te Kaapstad 1
✱ 129. Erkenning as Verantwoordelike Konsul van die Konsulaat-generaal en as Visekonsul van Japan te Pretoria 1
✱ 130. Wysiging van Goewermentskennisgewing No. 2980 van 1952 1

DEPARTEMENT VAN FINANSIES:

✱ 98. Wysiging van Finansiële Regulasies 1
✱ 103. Voorlopige Opgawe van Skeepvaart, Invoerregte, Waardes van die Invoer van die Unie en Suidwes-Afrika 2
✱ 105. Aanstelling van Lede en Plaasvervangende Lede van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad 3
✱ 131. Verlore Effektesertifikaat No. 10089 4
✱ 135. Suid-Afrikaanse Reserwe Bank: Maandelikse Staat 4

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING:

✱ 121. Staatsbesproeiingskema Leeuwrivier: Inlystingshersieningshof 5
✱ 122. Staatsbesproeiingskema Loskop: Inlystingshersieningshof 5
✱ 123. Staatsbesproeiingskema Rietrivier: Inlystingshersieningshof 5
✱ 124. Staatsbesproeiingskema Olifantsrivier: Inlystingshersieningshof 6
✱ 125. Staatsbesproeiingskema Vaalhartz: Inlystingshersieningshof 6

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE:

✱ 143. Aanstelling van Bestuurder en Takbestuurder van Handelsbanke as Kommissarisse van Ede *Ex Officio* 150

DEPARTEMENT VAN VERVOER:

✱ 106. Aanstelling van Komitee van Ondersoek na Nasionale Padfondsuitgawes en Padbeplanning 6

DEPARTEMENT VAN SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS:

✱ 117. Regulasies vir die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika 7
✱ 118. Aanstelling van Assistent-hoofbestuurder (Personeel) 7

CONTENTS.

All Proclamations, Government and General Notices published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

For purposes of reference, Proclamations and Government Notices published in "Gazettes Extraordinary" are included in the weekly index.

No. PAGE

House of Assembly.

Lichtenburg Waterworks (Private) Bill ... 1

Government Notices.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS:

✱ 92. Withdrawal of Recognition as Consul of France at Cape Town 1
✱ 129. Recognition as Consul in Charge of the Consulate-General and as Vice-Consul of Japan in Pretoria 1
✱ 130. Amendment of Government Notice No. 2980 of 1952 1

DEPARTMENT OF FINANCE:

✱ 98. Financial Regulations: Amendment 1
✱ 103. Preliminary Statement showing Shipping, Duties, Values of Imports into the Union and South West Africa 2
✱ 105. Appointment of Members and Alternate Members of the Public Accountants' and Auditors' Board 3
✱ 131. Lost Certificate of Stock No. 10089 4
✱ 135. South African Reserve Bank: Monthly Statement 4

DEPARTMENT OF IRRIGATION:

✱ 121. Leeuw River Government Irrigation Scheme: Scheduling Revision Court ... 5
✱ 122. Loskop Government Irrigation Scheme: Scheduling Revision Court 5
✱ 123. Riet River Government Irrigation Scheme: Scheduling Revision Court ... 5
✱ 124. Olifants River Government Irrigation Scheme: Scheduling Revision Court ... 6
✱ 125. Vaalhartz Government Irrigation Scheme: Scheduling Revision Court ... 6

DEPARTMENT OF JUSTICE:

✱ 143. Appointment of Manager and Branch Manager of a Commercial Bank as *Ex Officio* Commissioners of Oaths ... 150

DEPARTMENT OF TRANSPORT:

✱ 106. Appointment of Committee of Enquiry into National Road Fund Expenditure and Road Planning 6

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS:

✱ 117. Regulations for the Harbours of the Union of South Africa and of South West Africa 7
✱ 118. Appointment of Assistant General Manager (Staff) 7

Goewermentskennisgewings (vervolg).

No. BLADSY

DEPARTEMENT VAN LANDBOU:

5. Aansoek om Brandmerke: Kaapprovinsie 8
* 84. Produsentepryse van Vleis en Neweprodukte in Beheerde Gebiede: Wysiging (*B.S.* No. 4989).
* 87. Pryse van Bereide Huide, Kalfs- en Bokvelle wat aan Looiers verkoop word: Wysiging (*B.S.* No. 4989).
* 88. Beesvleispryse vir Beheerde Gebiede Betaalbaar aan Produsente (*B.S.* No. 4989).
* 109. Veesiekteregulasies: Bepaling van Gebiede 8
* 110. Perdeskurfte: Drakensberg-lokasies Nos. 1 en 2 8

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID:

* 83. Maksimum Pryse van Farmaseutiese Preparate (Wysiging No. 9) (*B.S.* No. 4989).
* 86. Maksimum Pryse van Kunsmis (*B.S.* No. 4989).
* 95. Wet op Seevisserye, 1940: Wysiging van Regulasies 9
* 96. Elektrisiteitsvoorsieningskommissie: Aanstelling van Lede 9
* 97. Doeanetariefaansoeke: Lys No. 78 9

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE:

* 93. Aansoek om Registrasie: Die Middellandse Regiment Association 10
* 94. Aansoek om Registrasie: Hoërskool Lindley 10
* 101. Aansoek om Registrasie: Hoër Huishoudskool, George 11
* 102. Aansoek om Registrasie: „De Beers Association Football Club" 11
* 104. Aansoek om Registrasie: „Virginia Recreation Club" 11
* 107. Aansoek om Registrasie: Suid-Afrikaanse Bond van Oud-vrouevrywilligers 11
* 132. Aansoek om Registrasie: „Cape Town Post Office (General Division) Sports and Social Club" 12

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING:

* 89. Wysiging van die Regulasies vir die Aktiewe Burgermag 12
* 90. Militêre Opleiding en Oefening: Strandfontein 12

DEPARTEMENT VAN ARBEID:

* 99. Loonwet, 1937: Tee, Koffie en Sigoreinywerheid: Verbeteringskennisgewing 13
* 100. Loonwet, 1937: Haarkappersbedryf, Bloemfontein: Verbeteringskennisgewing 13
* 115. Aansoek om Uitbreiding van Geregistreerde Gebied: „Master Masons' and Quarry Owners' Association" 13
* 136. Kommersiële Distribusiebedryf: Vernaamste Gebiede 15
* 137. Verlenging van Tydperke van Toepassing van die Ooreenkomste vir die Klerasienywerheid, Natal 34
* 138. Verlenging van Termyne van Toepassing van Ooreenkomste vir die Bak- en/of Banketnywerheid, Kaap 34

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE:

* 91. Intrekking van Vrystelling van die Paswette: P. Lethurie, ens. 34
* 108. Naturelle-verteenwoordigingswet, 1936. Bedanking van Senator, Kiesgebied van die Provinsie Natal 34
* 111. Sentrale Naturelle-appèlhof: Sittings ... 35
* 112. Sentrale Naturelle-egskeidingshof: Sittings 35
* 126. Arbeidsdistrik Dundee: Wysiging van Regulasies 35
* 133. Noordoostelike Naturelle-appèlhof: Sittings 35
* 134. Noordoostelike Naturelle-egskeidingshof: Sittings 35
* 142. Toepassing van die Wet op Heffings vir Naturelledienste, 1952: Welkom 36

DEPARTEMENT VAN MYNWESE:

* 113. Aanstellings as Assistent-staatsmyningenieurs 36
* 119. Deproklamering as 'n Publieke Delwery: Sekere Gedeeltes van Palmietfontein No. 70 36
* 127. Diamantslypersindustrieraad: Verandering in Personeel 37

(Vir vervolg sien tweede laaste bladsy.)

Government Notices (continued).

No. PAGE

DEPARTMENT OF AGRICULTURE:

5. Application for Brands: Cape Province 8
* 84. Producers' Prices for Meat and By-products in Controlled Areas: Amendment (*G.G.E.* No. 4989).
* 87. Prices of Cured Hides, Calf Skins and Goat Skins Sold to Tanners: Amendment (*G.G.E.* No. 4989).
* 88. Beef Prices Payable to Producers in Controlled Areas (*G.G.E.* No. 4989).
* 109. Diseases of Stock Regulations: Determination of Areas 8
* 110. Equine Mange: Drakensberg Locations Nos. 1 and 2 8

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES:

* 83. Maximum Prices of Pharmaceutical Preparations (Amendment No. 9) (*G.G.E.* No. 4989).
* 86. Maximum Prices of Fertilizers (*G.G.E.* No. 4989).
* 95. Sea Fisheries Act, 1940: Amendment of Regulations 9
* 96. Electricity Supply Commission: Appointment of Members 9
* 97. Customs Tariff Applications: List No. 78 9

DEPARTMENT OF INTERIOR:

* 93. Application for Registration: "Die Middellandse Regiment" Association ... 10
* 94. Application for Registration: Lindley High School 10
* 101. Application for Registration: Housecraft High School, George 11
* 102. Application for Registration: De Beers Association Football Club 11
* 104. Application for Registration: Virginia Recreation Club 11
* 107. Application for Registration: South African League of Ex-Service Women 11
* 132. Application for Registration: Cape Town Post Office (General Division) Sports and Social Club 12

DEPARTMENT OF DEFENCE:

* 89. Amendment to the Regulations for the Active Citizen Force 12
* 90. Military Training and Exercises: Strandfontein 12

DEPARTMENT OF LABOUR:

* 99. Wage Act, 1937: Tea, Coffee and Chicory Industry: Correction Notice 13
* 100. Wage Act, 1937: Hairdressing Trade, Bloemfontein: Correction Notice 13
* 115. Application for Extension of Registered Scope: Master Masons' and Quarry Owners' Association 13
* 136. Commercial Distributive Trade: Principal Areas 15
* 137. Extension of the Periods of Operation of the Agreements for the Clothing Industry, Natal 34
* 138. Extension of Periods of Operation of Agreements for the Baking and/or Confectionery Industry, Cape 34

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS:

* 91. Cancellation of Exemption from the Pass Laws: P. Lethurie, etc. 34
* 108. Representation of Natives Act, 1936: Resignation of Senator, Electoral Area of the Province of Natal 34
* 111. Central Native Appeal Court: Sessions 35
* 112. Central Native Divorce Court. Sessions 35
* 126. Dundee Labour District: Amendment of Regulations 35
* 133. North-Eastern Native Appeal Court: Sessions 35
* 134. North-Eastern Native Divorce Court: Sessions 35
* 142. Application of the Native Services Levy Act, 1952: Welkom 36

DEPARTMENT OF MINES:

* 113. Appointments as Assistant Government Mining Engineers 36
* 119. Deproclamation as Public Digging: Certain Portions of Palmietfontein No. 70 36
* 127. Diamond Cutting Industry Board: Change of Staff 37

(Continued on inside back cover.)

VOLKSRAAD.

PRIVATE WETSONTWERP OP DIE LICHTENBURGSE WATERWERKE.

Ooreenkomstig artikel 14 (3) van die Reglement van Orde van die Volksraad (Private Wetsontwerpe) word hiermee kennis gegee dat planne asook 'n handboek in verband met bogemelde Wetsontwerp by die ondergenoemdes ingelewer is:—

(1) Die Klerk van die Volksraad, Kaapstad.
(2) Die Administrateur van die Transvaal, Pretoria.
(3) Die Administrateur van die Kaapprovinsie, Kaapstad.
(4) Die Magistraat van Lichtenburg.

Die Wetsontwerp, planne en ander dokumente is ingevolge artikel *drie* van die „Private Wetsontwerpen Regelings Wet, 1912," vir insage by die onderskeie kantore van bogenoemdes beskikbaar.

J. M. HUGO,
Klerk van die Volksraad.

Volksraad,
Kaapstad, 30 Desember 1952.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER EN DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

✱ No. 92.] [16 Januarie 1953.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 1681 van 19 Augustus 1949 word hierby bekendgemaak dat die heer Eugene Edmond Haimet nie meer as Konsul van Frankryk te Kaapstad optree nie.

✱ No. 129.] [16 Januarie 1953.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die erkenning van die heer T. Yoshioka as Verantwoordelike Konsul van die Konsulaat-generaal van Japan te Pretoria en van die heer Y. Fujita as Vise-konsul.

✱ No. 130.] [16 Januarie 1953.

Met verwysing na Goewermentskennisgewing No. 2980 van 24 Desember 1952 word die woorde „Waarnemende Konsul-generaal van Israel" hierby gewysig sodat dit lui „Verantwoordelike Konsul van die Konsulaat-generaal van Israel".

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

✱ No. 98.] [16 Januarie 1953.

FINANSIËLE REGULASIES.—WYSIGING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *een-en-sestig* van die Financiewet, 1911 (Wet No. 21 van 1911), goed te keur dat Finansiële Regulasie No. 34 wat by Goewermentskennisgewing No. 535 van 1926 afgekondig en deur Goewermentskennisgewing No. 2517 van 1950 gewysig is, deur onderstaande regulasie vervang word:—

„34. (1) Wanneer dit ten opsigte van enige aangeleentheid genoem in regulasie 33 blyk dat die verlies van Staatsgelde of -eiendom gely is weens bedrog of diefstal deur 'n Staatsamptenaar of ander persoon, moet die hoof van die betrokke departement die saak onmiddellik, met sodanige besonderhede as wat beskikbaar mag wees, rapporteer aan die Prokureur-generaal van die Provinsie waarin die beweerde

HOUSE OF ASSEMBLY.

LICHTENBURG WATERWORKS (PRIVATE) BILL.

Notice is hereby given, in terms of Standing Order No. 14 (3) (Private Bills) of the House of Assembly, that plans together with a book of reference in connection with the above Bill have been deposited with the following depositaries:—

(1) The Clerk of the House of Assembly, Cape Town.
(2) The Administrator of the Transvaal, Pretoria.
(3) The Administrator of the Cape Province, Cape Town.
(4) The Magistrate of Lichtenburg.

The Bill, plans and other documents are open to inspection in terms of section *three* of the Private Bill Procedure Act, 1912, at the respective offices of the above-mentioned depositaries.

J. M. HUGO,
Clerk of the House of Assembly.

House of Assembly,
Cape Town, 30th December, 1952.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

OFFICE OF THE PRIME MINISTER AND DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

✱ No. 92.] [16 January 1953.

With reference to Government Notice No. 1681 of the 19th August, 1949, it is hereby notified that Mr. Eugene Edmond Haimet has ceased to act as Consul of France at Cape Town.

✱ No. 129.] [16 January 1953.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the granting of recognition to Mr. T. Yoshioka as Consul in charge of the Consulate-General of Japan in Pretoria and to Mr. Y. Fujita as Vice-Consul.

✱ No. 130.] [16 January 1953.

With reference to Government Notice No. 2980 of the 24th December, 1952, the words "Acting Consul-General of Israel" are hereby amended to read "Consul in Charge of the Consulate-General of Israel".

DEPARTMENT OF FINANCE.

✱ No. 98.] [16 January 1953.

FINANCIAL REGULATIONS.—AMENDMENT.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General, under the powers vested in him by section *sixty-one* of the Exchequer and Audit Act, 1911 (Act No. 21 of 1911), has been pleased to approve of the substitution of the following regulation for Financial Regulation No. 34 as published under Government Notice No. 535 of 1926 and amended by Government Notice No. 2517 of 1950:—

"34. (1) Whenever, in respect of any matter referred to in regulation 33, it appears that the loss of Government moneys or property has been sustained through fraud or theft by a Government officer or other person, the head of the department concerned shall immediately report the matter, with such particulars as may be available, to the Attorney-

bedrog of diefstal plaasgevind het, sodat 'n behoorlike ondersoek ingestel kan word met die oog op die vervolging van die verantwoordelike amptenaar of persoon.

(2) Sodra besonderhede beskikbaar word omtrent die identiteit en verblyfplek van die amptenaar of ander persoon wat vir die verlies van Staatsgelde of -eiendom verantwoordelik is of omtrent die plek waar die Staatsgelde of -eiendom of die bates wat na bewering deur middel van sodanige gelde of eiendom verkry is, gevind kan word, moet die hoof van die departement die saak met sodanige verdere besonderhede as wat beskikbaar mag wees, aan die Regeringsprokureur rapporteer vir oorweging en advies betreffende die metode wat die hoof van die departement moet volg om die gelde of eiendom terug te kry of om die belange van die Staat andersins te beskerm. Met dien verstande egter dat daar nie aan die Regeringsprokureur gerapporteer hoef te word nie—

(*a*) indien die hoof van die departement die verlies kan verhaal en stappe daartoe gedoen het of besig is om sodanige stappe te doen—

(i) by wyse van aftrekking van die amptenaar se onbetaalde salaris of pensioen- of ondersteuningsfondsbydraes; of

(ii) deur die publieke aanklaer wat strafregtelike stappe teen die amptenaar of ander persoon wat vir die verlies verantwoordelik is of teen die ontvanger van die gesteelde eiendom doen, te versoek om namens die Staat by die hof aansoek te doen om skadevergoeding of teruggawe ingevolge artikel *driehonderd drie-en-sestig, driehonderd vyf-en-sestig* of *driehonderd ses-en-sestig* van die Wet op de Kriminele Procedure en Bewijslevering, 1917 (Wet No. 31 van 1917); of

(*b*) indien die hoof van die departement om enige rede stappe gedoen het of onmiddellik stappe doen om Tesourie-goedkeuring vir afskrywing van die verlies te verkry en sodanige goedkeuring verleen word."

General of the Province in which the alleged fraud or theft has taken place, in order that due and proper investigation may be made with a view to the prosecution of the officer or person responsible.

(2) Directly particulars become available as to the identity and whereabouts of the officer or other person responsible for the loss of Government moneys or property or as to the whereabouts of such moneys or property or of any assets alleged to have been acquired by means of such moneys or property, the head of the department shall report the matter with such further particulars as may be available, to the Government Attorney for consideration and advice as to the method to be adopted by the head of the department for the recovery of the moneys or property or for otherwise safeguarding the interests of the Government. Provided, however, that such report need not be made to the Government Attorney—

(*a*) if the head of the department can recover the loss and has taken or is taking steps to do so—

(i) by means of a deduction from the officer's unpaid salary or pension or provident fund contributions; or

(ii) by requesting the public prosecutor who is taking criminal action against the officer or other person responsible for the loss or against the receiver of the stolen property, to apply to the Court on behalf of the Government for compensation or restitution in terms of section *three hundred and sixty-three, three hundred and sixty-five* or *three hundred and sixty-six* of the Criminal Procedure and Evidence Act, 1917 (Act No. 31 of 1917); or

(*b*) if the head of the department for any reason has taken or is taking immediate steps to obtain Treasury approval for the loss to be written off charge and such approval is granted."

✱ No. 103.] [16 Januarie/January 1953.

VOORLOPIGE OPGAWE VAN SKEEPVAART, INVOERREGTE, WAARDES VAN DIE INVOER VAN DIE UNIE EN SUIDWES-AFRIKA EN DIE VERNAAMSTE EN ANDER UITVOER, VIR DIE MAAND NOVEMBER 1952 EN DIE ELF MAANDE GEËINDIG NOVEMBER 1952, EN DIE OOREENSTEMMENDE SYFERS VIR DIE JAAR 1951.

***L.W.*—ALLE SYFERS BETREFFENDE STAAFGOUD DEURGAANS WEGGELAAT.**

PRELIMINARY STATEMENT SHOWING SHIPPING, DUTIES, VALUES OF IMPORTS INTO THE UNION AND SOUTH WEST AFRICA AND THE PRINCIPAL AND OTHER EXPORTS FOR THE MONTH OF NOVEMBER, 1952, AND THE ELEVEN MONTHS ENDING NOVEMBER, 1952, AND THE CORRESPONDING FIGURES FOR THE YEAR 1951.

***N.B.*—ALL FIGURES RELATING TO GOLD BULLION EXCLUDED THROUGHOUT.**

	Maand November. *Month of November.*		Elf maande geëindig November. *Eleven Months Ending November.*	
	1952.	1951.	1952.	1951.
SKEEPVAART OORSEE.—SHIPPING OVERSEAS.				
Bote ingeklaar—*Vessels Entered*	151	152	1,677	1,802
Bote uitgeklaar—*Vessels cleared*	156	161	1,686	1,810
Lading geland—*Cargo landed*.....Tonne/*Tons*	480,117	659,225	6,457,399	6,635,913
Lading verskeep—*Cargo shipped*.....Tonne/*Tons*	248,757	233,447	2,800,063	3,151,418
INVOERREGTE.—IMPORT DUTIES.	£	£	£	£
Kaapstad—*Cape Town*	464,501	478,694	5,428,923	5,878,498
Port Elizabeth	245,838	302,547	3,655,144	4,003,144
Oos-Londen—*East London*	145,327	168,257	1,964,524	2,041,152
Durban	469,252	453,588	5,485,225	5,952,653
Johannesburg	267,921	324,691	2,905,400	4,139,675
Lourenco Marques	382,216	408,616	4,710,555	4,512,682
H.P.K.—*G.P.O.*	87,363	85,964	805,957	1,125,068
Ander hawens en stasies in die Unie—*Other Union Ports and Stations*	48,729	49,482	457,176	513,357
	£2,111,147	£2,271,839	£25,412,904	£28,166,229
Walvisbaai en Luderitz en H.P.K., Suidwes-Afrika—*Walvis Bay and Luderitz and G.P.O., South West Africa*	34,228	30,237	357,546	361,263
TOTAAL—TOTAL	£2,145,369	£2,302,076	£25,770,450	£28,527,492

	Maand November. *Month of November.*		Elf Maande geëindig November. *Eleven Months Ending November.*	
	1952.	1951.	1952.	1951.
UNIE INVOER.—UNION IMPORTS.				
KOOPWARE.—MERCHANDISE.	£	£	£	£
Kaapstad—*Cape Town*	5,440,725	5,862,228	69,380,636	84,109,051
Port Elizabeth	3,558,189	5,162,938	56,548,737	70,840,242
Oos-Londen—*East London*	2,115,133	2,603,082	29,482,805	30,072,905
Durban	8,575,748	10,896,482	118,798,668	126,384,989
Johannesburg	2,473,439	4,505,059	36,188,551	55,668,465
Lourenco Marques	1,555,032	1,813,519	19,738,024	17,278,875
H.P.K.—*G.P.O.*	1,743,987	1,407,325	15,084,254	15,276,683
Ander hawens en stasies in die Unie—*Other Union Ports and Stations*	875,666	445,265	4,569,304	4,085,439
TOTAAL OORSEE—TOTAL OVERSEAS	£26,337,919	£32,695,898	£349,790,979	£403,716,649
Van N. Rhodesië—*From N. Rhodesia*	393,926	820,901	5,447,783	8,341,356
Van S. Rhodesië—*From S. Rhodesia*	1,381,146	842,289	7,536,248	7,363,707
Van Suidwes-Afrika—*From South West Africa*	505,462	569,268	5,136,649	5,612,031
TOTALE KOOPWARE—TOTAL MERCHANDISE	£28,618,453	£34,928,356	£367,911,659	£425,033,743
Spesie—*Specie*	1,375	500	29,642	32,305
Goewermentsvoorrade—*Government Stores*	2,279,757	884,245	19,632,278	11,465,994
GROOTTOTAAL INVOER—GRAND TOTAL IMPORTS	£30,899,585	£35,813,101	£387,573,579	£436,532,042
UNIE UITVOER.—UNION EXPORTS.				
Suid-Afrikaanse Produkte—*South African Produce*—	£	£	£	£
Verwerkte en halfverwerkte goud—*Semi-processed and processed gold*	5,405,387	5,696,477	60,038,027	63,825,004
Diamante—*Diamonds*	2,307,765	2,582,624	25,541,242	23,812,689
Wol—*Wool*	7,545,591	7,275,405	49,124,687	66,920,057
Mielies—*Maize*	7,676	331,828	1,435,407	4,011,334
Huide en velle—*Hides and skins*	773,310	797,582	8,170,891	9,680,989
Wattelbas en ekstrak—*Wattle bark and extract*	393,707	589,814	6,605,671	5,177,247
Vrugte, alle soorte—*Fruit, all kinds*	122,134	400,457	9,930,514	10,983,383
Suiker—*Sugar*	27,304	42,808	256,852	1,770,909
Koper, stawe en ru- (blister)—*Copper, bar and blister*	1,160,670	441,077	10,302,952	5,835,408
Asbes—*Asbestos*	674,819	564,303	8,281,870	6,307,493
Steenkool—*Coal*	154,036	125,951	1,553,801	3,028,897
Ander—*Other*	8,268,684	8,460,077	85,757,655	79,182,392
Ingevoerde goedere weer uitgevoer—*Imported goods re-exported*	2,600,534	2,938,883	30,147,354	26,715,015
Bunker steenkool en skeepsvoorrade—*Bunker coal and ships' stores*	493,235	857,528	5,728,945	6,459,043
TOTAAL—TOTAL	£29,934,852	£31,104,814	£302,875,868	£313,709,860
Spesie (sigwaarde)—*Specie (face value)*	4,966	2,930	70,628	83,405
* GROOTTOTAAL UITVOER—GRAND TOTAL EXPORTS	£29,939,818	£31,107,744	£302,946,496	£313,793,265
* Sluit in uitvoer—*Includes exports*—				
Na Suidwes-Afrika—*To South West Africa*	1,630,671	1,424,020	14,658,074	12,879,802
Na Noord-Rhodesië—*To Northern Rhodesia*	1,041,138	914,575	11,625,382	9,736,885
Na Suid-Rhodesië—*To Southern Rhodesia*	2,205,078	2,959,951	25,088,665	27,973,660
SUIDWES-AFRIKA.—SOUTH WEST AFRICA.				
SUIDWES-AFRIKA INVOER.—SOUTH WEST AFRICA IMPORTS.				
	£	£	£	£
Walvisbaai—*Walvis Bay*	218,953	428,805	3,458,835	3,215,067
Luderitz	8,638	26,603	217,136	197,787
TOTAAL OORSEE—TOTAL OVERSEAS	227,591	455,408	3,675,971	3,412,854
Van Unie van Suid-Afrika—*From Union of South Africa*	1,630,671	1,424,020	14,658,074	12,879,802
Van Suid- en Noord-Rhodesië—*From Southern and Northern Rhodesia*	9,584	9,972	78,675	86,804
GROOTTOTAAL—GRAND TOTAL	£1,867,846	£1,889,400	£18,412,720	£16,379,460
SUIDWES-AFRIKA, UITVOER—SOUTH WEST AFRICA EXPORTS.				
OORSEE—OVERSEAS.				
Diamante—*Diamonds*	—	834,016	12,119,059	8,713,387
Ander koopware—*Other merchandise*	1,214,211	946,739	16,217,576	13,027,958
TOTAAL OORSEE—TOTAL OVERSEAS	£1,214,211	£1,780,755	£28,336,635	£21,741,345
Na die Unie van Suid-Afrika—*To Union of South Africa*	506,287	590,355	5,170,975	5,664,710
GROOTTOTAAL—GRAND TOTAL	£1,720,498	£2,371,110	£33,507,610	£27,406,055

* Sluit in spesie nie in Suid-Afrika geslaan nie.—*Includes specie not of South African minting.*

✱ No. 105.] [16 Januarie 1953.

AANSTELLING VAN LEDE EN PLAASVERVANGENDE LEDE VAN DIE OPENBARE REKENMEESTRS- EN OUDITEURSRAAD.

Hierby word ingevolge subartikel (7) van artikel *drie* van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), bekendgemaak dat die Minister van Finansies, kragtens subartikels (1) en (5) van genoemde artikel, ondergenoemde persone vir 'n tydperk

✱ No. 105.] [16 January 1953.

APPOINTMENT OF MEMBERS AND ALTERNATE MEMBERS OF THE PUBLIC ACCOUNTANTS' AND AUDITORS' BOARD.

In terms of sub-section (7) of section *three* of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), it is hereby notified that in terms of sub-sections (1) and (5) of that section, the Minister of Finance has appointed the following persons as members and as alter-

van een jaar met ingang van 1 Januarie 1953 as lede en plaasvervangende lede van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad aangestel het:—

As lede.	*As plaasvervangende lede.*
Maurice Johnson Wells.	—
Willem Francois Joubert Steenkamp.	—
Jurgens Johannes Adams.	—
Leon Wouter Verheyen.	—
Bentley John Skelton Wimble.	Thomas Cairns.
Pieter Wilhelm Hoek.	Barry Sluyter Wiehahn.
Kenneth Lamont Smith.	Eric Gibson Pringle, M.B.E.
John Cheyne Macintosh.	Andrew Dickson.
Lionel Edward Carter.	James Clifford Fortescue Hartford.
Alexander McGregor.	Albert Charles Sargeant.
Gordon Ernest Noyce.	Cecil Brodrick Ibbetson Porter.
Robert Howard Button.	Albert Louis Norden.
Alfred Searle Leith.	Stuart Leslie Deane.
Noel Glen.	Alan Ross Butcher.
Louis Segal.	Dirk Jacobus Pienaar.
Roger Stephen Clark.	Solomon Horwitz.
Maurice Honikman.	Eli Jacobs.

✱ No. 131.] [16 Januarie 1953.

PLAASLIK GEREGISTREERDE EFFEKTE VAN 3¼ PERSENT, 12-JAAR LENING.

Effektesertifikaat No. 10089, vir £119, uitgereik ten gunste van Harold Douglas Creedy.

Aangesien daar by die Tesourie aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde effektesertifikaat wat verloor is of weggeraak het, word hierby bekendgemaak dat, tensy die oorspronklike binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by hierdie kantoor ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

nate members of the Public Accountants' and Auditors' Board for a period of one year from the 1st January, 1953:—

As Members.	*As Alternate Members.*
Maurice Johnson Wells.	—
Willem Francois Joubert Steenkamp.	—
Jurgens Johannes Adams.	—
Leon Wouter Verheyen.	—
Bentley John Skelton Wimble.	Thomas Cairns.
Pieter Wilhelm Hoek.	Barry Sluyter Wiehahn.
Kenneth Lamont Smith.	Eric Gibson Pringle, M.B.E.
John Cheyne Macintosh.	Andrew Dickson.
Lionel Edward Carter.	James Clifford Fortescue Hartford.
Alexander McGregor.	Albert Charles Sargeant.
Gordon Ernest Noyce.	Cecil Brodrick Ibbetson Porter.
Robert Howard Button.	Albert Louis Norden.
Alfred Searle Leith.	Stuart Leslie Deane.
Noel Glen.	Alan Ross Butcher.
Louis Segal.	Dirk Jacobus Pienaar.
Roger Stephen Clark.	Solomon Horwitz.
Maurice Honikman.	Eli Jacobs.

✱ No. 131.] [16 January 1953.

3¼ PER CENT LOCAL REGISTERED STOCK, 12-YEAR LOAN.

Stock Certificate No. 10089, for £119, issued in favour of Harold Douglas Creedy.

Application having been made to the Treasury for a duplicate of the above-mentioned Certificate of Stock, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original be produced at this office within four weeks from the date of publication of this notice, a duplicate, as applied for, will be issued.

✱ No. 135.] [16 Januarie 1953.

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK.

Staat, ingevolge artikel *negentien* (1) (*a*) van Wet No. 29 van 1944, van die Laste en Bates op die 31ste dag van Desember 1942.

Laste.	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwefonds	2,505,020	11	8
Note in omloop	91,646,467	0	0
Deposito's van:			
(*a*) Regering	22,095,447	0	8
(*b*) Bankiers	46,792,785	10	5
(*c*) Andere	3,014,434	2	6
Wissels te betaal	—		
Ander laste	20,767,423	3	6
	£187,821,577	8	9

Bates.	£	s.	d.
Goudmunt en staafgoud (teen 248s. per fyn ons.) waarvan £6,679,220. 8s. 11d. buite die Unie gehou word	60,255,408	3	7
Pasmunt	242,028	18	8
Gediskonteerde wissels:			
(*a*) Binnelandse	—		
(*b*) Buitelandse	69,469,202	19	5
Lenings en Voorskotte aan die Regering	—		
Ander Lenings en Voorskotte	14,791,566	4	1
Regeringsekuriteite	27,334,477	8	9
Ander Sekuriteite	2,290,597	7	9
Ander Bates	13,438,296	6	6
	£187,821,577	8	9

Verhouding van goudreserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 61·8 persent.

Geteken, die 7de dag van Januarie 1953.

L. J. COCKHEAD, Hoofkassier.

✱ No. 135.] [16 January 1953.

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK.

Statement, pursuant to section *nineteen* (1) (*a*) of Act No. 29 of 1944, of Liabilities and Assets on the 31st day of December, 1952.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve Fund	2,505,020	11	8
Notes in Circulation	91,646,467	0	0
Deposits:			
(*a*) Government	22,095,447	0	8
(*b*) Bankers	46,792,785	10	5
(*c*) Other	3,014,434	2	6
Bills Payable	—		
Other Liabilities	20,767,423	3	6
	£187,821,577	8	9

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (at 248s. per oz. fine) of which £6,679,220. 8s. 11d. held outside Union	60,255,408	3	7
Subsidiary Coin	242,028	18	8
Bills Discounted:			
(*a*) Domestic	—		
(*b*) Foreign	69,469,202	19	5
Loans and Advances to the Government	—		
Other Loans and Advances	14,791,566	4	1
Government Securities	27,334,477	8	9
Other Securities	2,290,597	7	9
Other Assets	13,438,296	6	6
	£187,821,577	8	9

Ratio of gold reserves to liabilities to public, 61·8 per cent.

Signed this 7th day of January, 1953.

L. J. COCKHEAD, Chief Cashier.

DEPARTEMENT VAN BESPROEIING.

✱ No. 121.] [16 Januarie 1953.

STAATSBESPROEIINGSKEMA, LEEUWRIVIER.

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Leeuwrivier om 10 vm. op Dinsdag, 10 Februarie 1953, in die Stadsaal, Hobhouse, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat 'n afskrif van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig, en voormelde regulasies, opgestel is, van 24 Januarie 1953 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Spesiale Vrederegter, Hobhouse, ter insae sal lê.

✱ No. 122.] [16 Januarie 1953.

STAATSBESPROEIINGSKEMA LOSKOP.

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Loskop om 10 vm. op Dinsdag, 3 Februarie 1953, in die Ontspanningsaal by die Hoofkantoor van die Administrasie-ingenieur, Besproeiingsdepartement, Loskopbesproeiingskema, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat 'n afskrif van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig, en voormelde regulasies, opgestel is, van 17 Januarie 1953 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Administrasie-ingenieur, Besproeiingskema Loskop, ter insae sal lê.

✱ No. 123.] [16 Januarie 1953.

STAATSBESPROEIINGSKEMA, RIETRIVIER, O.V.S.

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Rietrivier om 10 vm. op Vrydag, 20 Februarie 1953, in die Hofsaal te Jacobsdal gehou sal word, met die doel om aansprake om opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat afskrifte van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, en voormelde regulasies, opgestel is, van 5 Februarie 1953 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Administrasie-ingenieur, Besproeiingsdepartement, Besproeiingskema Rietrivier, ter insae sal lê.

DEPARTMENT OF IRRIGATION.

✱ No. 121.] [16 January 1953.

LEEUW RIVER GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME.

It is hereby notified, in terms of the regulations published in Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court in connection with the schedule of irrigable areas of the Leeuw River Government Irrigation Scheme will be held in the Town Hall, Hobhouse, at 10 a.m. on Tuesday, 10th February, 1953, for the purpose of hearing and determining claims to be inserted in the schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that a copy of the Schedule of irrigable areas prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended, and the regulations aforementioned will lie for inspection at the office of the Special Justice of the Peace, Hobhouse, for a period of 14 days from 24th January, 1953.

✱ No. 122.] [16 January 1953.

LOSKOP GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME.

It is hereby notified, in terms of the regulations pubished in Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court in connection with the schedule of irrigable areas of the Loskop Government Irrigation Scheme will be held in the Recreation Hall at the Headquarters of the Administration Engineer, Irrigation Department, Loskop Irrigation Scheme, at 10 a.m. on Tuesday, 3rd February, 1953, for the purpose of hearing and determining claims to be inserted in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that a copy of the schedule of irrigable areas prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended, and the regulations aforementioned will lie for inspection at the office of the Administration Engineer, Loskop Irrigation Scheme, for a period of 14 days from 17th January, 1953.

✱ No. 123.] [16 January 1953.

RIET RIVER GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME, O.F.S.

It is hereby notified, in terms of the regulations published in Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court, in connection with the schedule of irrigable areas of the Riet River Government Irrigation Scheme, will be held in the Court-room at Jacobsdal, at 10 a.m. on Friday, 20th February, 1953, for the purpose of hearing and determing claims to be inserted in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that copies of the schedule of irrigable areas, prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, and the regulations aforementioned, will lie for inspection at the office of the Administration Engineer, Irrigation Department, Riet River Irrigation Scheme, for a period of 14 days from 5th Febuary, 1953.

✱ No. 124.] [16 Januarie 1953.

STAATSBESPROEIINGSKEMA OLIFANTSRIVIER.

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Olifantsrivier om 10 vm. op Dinsdag, 17 Februarie 1953, in die Kerksaal, Nederduitse Gereformeerde Kerk, Vredendal, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat afskrifte van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, en voormelde regulasies, opgestel is, van 31 Januarie 1953 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Administrasie-ingenieur, Besproeiingskema Olifantsrivier, Klaver, K.P., ter insae sal lê.

✱ No. 125.] [16 Januarie 1953.

STAATSBESPROEIINGSKEMA VAALHARTZ.

Ingevolge die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 2306 van 1 November 1946, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1559 van 1 Augustus 1947, word hierby bekendgemaak dat 'n sitting van die inlystingshersieningshof in verband met die lys van besproeibare grond van die Staatsbesproeiingskema Vaalhartz om 9 vm. op Donderdag, 12 Februarie 1953, in die Besproeiingsdepartement se Ontspanningsaal, Andalusia, en om 10 vm. op Vrydag, 13 Februarie 1953, in die Stadsaal te Barkly-Wes gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lys of besware teen enigeen van die name, eiendomme of grond wat daarin voorkom, te hoor en daaroor te besluit.

Verder word bekendgemaak dat afskrifte van die lys van besproeibare grond wat kragtens subartikel (1) van artikel *sewe bis* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, en voormelde regulasies, opgestel is, van 27 Januarie 1953 af vir 'n tydperk van 14 dae op die kantoor van die Administrasie-ingenieur, Besproeiingskema Vaalhartz, Andalusia, en op die kantoor van die Magistraat, Barkly-Wes, ter insae sal lê.

DEPARTEMENT VAN VERVOER.

✱No. 106.] [16 Januarie 1953.

AANSTELLING VAN KOMITEE VAN ONDERSOEK NA NASIONALE PADFONDSUITGAWES EN PADBEPLANNING.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele die Minister van Vervoer meneer H. P. Smit as voorsitter en meneer J. D. de Villiers en professor L. J. du Plessis as lede aangestel het van 'n Komitee om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor—

(1) die wenslikheid en uitvoerbaarheid van—

(i) die indiening van konsoliderende wetgewing oor die onderwerp van nasionale paaie wat vir die toekoms sal verseker—

(*a*) dat volle verantwoording ten opsigte van alle geld wat uit die Nasionale Padfonds betaal word, aan die Parlement gewaarborg word;

✱ No. 124.] [16 January 1953.

OLIFANTS RIVER GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME.

It is hereby notified, in terms of the regulations published in Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court in connection with the schedule of irrigable areas of the Olifants River Government Irrigation Scheme will be held at the Church Hall, Nederduits Gereformeerde Church, Vredendal, at 10 a.m. on Tuesday, 17th February, 1953, for the purpose of hearing and determining claims to be inserted in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that copies of the schedule of irrigable areas prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, and the regulations aforementioned will lie for inspection at the office of the Administration Engineer, Olifants River Irrigation Scheme, Klaver, C.P., for a period of 14 days from 31st January, 1953.

✱ No. 125.] [16 January 1953.

VAALHARTZ GOVERNMENT IRRIGATION SCHEME.

It is hereby notified, in terms of the regulations published in Government Notice No. 2306, dated 1st November, 1946, as amended by Government Notice No. 1559, dated 1st August, 1947, that a scheduling revision court in connection with the schedule of irrigable areas of the Vaalhartz Government Irrigation Scheme will be held at the Irrigation Department Recreation Hall, Andalusia, at 9 a.m. on Thursday 12th February, 1953, and in the Town Hall, Barkley West at 10 a.m. on Friday, 13th February, 1953, for the purpose of hearing and determining claims to be inserted in the said schedule or objections to any of the names, properties or areas included therein.

It is further notified that copies of the schedule of irrigable areas prepared in terms of sub-section (1) of section *seven bis* of the Irrigation and Conservation of Waters Act No. 8 of 1912, and the regulations aforementioned will lie for inspection at the office of the Administration Engineer, Vaalhartz Irrigation Scheme, Andalusia, and at the office of the Magistrate, Barkly West, for a period of 14 days from 27th January, 1953.

DEPARTMENT OF TRANSPORT.

✱ No. 106.] [16 January 1953.

APPOINTMENT OF COMMITTEE OF ENQUIRY INTO NATIONAL ROAD FUND EXPENDITURE AND ROAD PLANNING.

It is hereby notified for general information that the Hon. the Minister of Transport has appointed Mr. H. P. Smit as Chairman, and Mr. J. D. de Villiers and Prof. L. J. du Plessis as members of a Committee to enquire into and report upon—

(1) the desirability and feasibility of—

(i) introducing consolidating legislation on the subject of national roads which will ensure for the future—

(*a*) that full accountability is secured to Parliament in respect of all moneys disbursed from the National Road Fund;

(*b*) dat toereikende bevoegdhede aan die Kontroleur en Ouditeur-generaal verleen word om hom in staat te stel om al die finansiële transaksies in verband met die Nasionale Padfonds in besonderhede te ouditeer; en

(*c*) dat die finansiële administrasie, met inbegrip van die bevoegdhede om installasie, toerusting en voorrade te verkry, te beheer en daaroor te beskik, en die beheer oor die geld van die Nasionale Padfonds ten volle by die Nasionale Vervoerkommissie berus;

(ii) die instelling van 'n sentrale organisasie wat verteenwoordigend is van die Regering, die Provinsies en ander padliggame om stelsels van pad- en straatgeriewe in die algemeen dwarsdeur die Unie te ontwerp en te koördineer; en

(2) waar toepaslik, die wetgewende en administratiewe stappe wat vir genoemde doeleindes nodig is.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS.

✱ No. 117.] [16 Januarie 1953.

REGULASIES VIR DIE HAWENS VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN VAN SUIDWES-AFRIKA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, ingevolge artikel *vier* van die Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, No. 22 van 1916, goedkeuring te verleen aan die ondervermelde wysiging van die Regulasies vir die Hawens van die Unie van Suid-Afrika en van Suidwes-Afrika, afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1064 van 19 Augustus 1932, soos van tyd tot tyd gewysig:—

Voeg die volgende regulasie in na regulasie 170:—

„REGULASIE 171.—STRAF VIR OORTREDING VAN REGULASIES.

Behoudens ander bepalings in hierdie regulasies is elke persoon, wat die voorafgaande regulasies of bykomende haweregulasies wat van tyd tot tyd kragtens die Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916, uitgevaardig word, oortree of inbreuk daarop veroorsaak of bewerkstellig, by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens vyftig pond of, by wanbetaling, aan tronkstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of aan beide sulke boete en tronkstraf."

✱ No. 118.] [16 Januarie 1953.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *twee* van die Spoorwegen en Havens Dienst Wet, No. 23 van 1925, goedkeuring te verleen aan die aanstelling van die weledele heer Cornelius Johannes Hermanus Schoombie, in die pos van Assistent-hoofbestuurder (Personeel) met ingang van 17 Desember 1952.

(*b*) that adequate powers are conferred upon the Controller and Auditor-General to enable him to carry out a detailed audit of all the financial transactions connected with the National Road Fund; and

(*c*) that the financial administration, including powers to acquire, control and dispose of plant, equipment and stores, and the control over the moneys of the National Road Fund are fully vested in the National Transport Commission;

(ii) setting up a central organization representative of the Government, the Provinces and other road agencies to plan and co-ordinate systems of road and street facilities generally throughout the Union; and

(2) where applicable, the legislative and administrative steps necessary for the said purpose.

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS.

✱ No. 117.] [16 January 1953.

REGULATIONS FOR THE HARBOURS OF THE UNION OF SOUTH AFRICA AND OF SOUTH WEST AFRICA.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, No. 22 of 1916, of the following amendment to the Regulations for the Harbours of the Union of South Africa and of South West Africa, published under Government Notice No. 1064, dated 19th August, 1932, as amended from time to time:—

Insert the following regulation after regulation 170:—

"REGULATION 171.—PENALTY FOR BREACH OF REGULATIONS.

Save as otherwise in these regulations provided if any person commits a breach of any of the foregoing regulations, or any additional harbour regulations that may from time to time be promulgated under the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916, or causes or procures a breach thereof to be committed, such person shall be liable on conviction, to a fine not exceeding fifty pounds, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, or to both such fine and imprisonment."

✱ No. 118.] [16 January 1953.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of section *two* of the Railways and Harbours Service Act, No. 23 of 1925, of the appointment of Cornelius Johannes Hermanus Schoombie, Esquire, to the position of Assistant General Manager (Staff) with effect from 17th December, 1952.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

No. 5.] [2 Januarie 1953.

AANSOEK OM BRANDMERKE.—KAAP-PROVINSIE.

Hierby word, ooreenkomstig die „Brands Registration Acts", No. 12 van 1890 en No. 4 van 1897 (Kaap die Goeie Hoop), bekendgemaak dat onderstaande aansoeke om registrasie van brandmerke ontvang is:—

No.	Naam. *Name.*	Woonplek en adres. *Residence and Address.*	Distrik. *District.*	Brandmerk. *Brand.*
5462	van Wyk, Johannes Petrus	Howard, Pk./*P.O.* Barkly-Wes/*West*	Barkly-Wes/*West*	X V I
5463	James, Alfred Stephen	Posbus/*P.O. Box* 12, Olifantshoek	Gordonia	G X J
5464	Steyn, Daniel Johannes	Uplands, Pk./*P.O.* Mafeking	Mafeking	m 6 L
5465	De Necker, Jan Daniel Jacobus	Vermaaklikheid, Pk./*P.O.* Riversdal	Riversdal	H J N
5466	Visser, Jacobus Johannes	Pk./*P.O.* Vorstershoop	Vryburg	> 7 V
5467	Mabasela, Eli Reginald	Vryburg-lokasie/*Location*	Vryburg	> E R
5468	Pottas Willem Roelof Johannes	Strangersrust, Pk./*P.O.* Pudimoe	Vryburg	> W 4
5469	Barnard, Philippus Jacobus	Bathurst, Ps./*P.B.* Terra Firma	Vryburg	> B F
5470	Klopper, Dawid Hendrik	Constable, Ps./*P.B.* Papanieloop, oor/*via* Vryburg	Vryburg	> Z K

2-9-16

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

No. 5.] [2 January 1953.

APPLICATION FOR BRANDS.—CAPE PROVINCE.

It is hereby notified, in terms of Brands Registration Acts, No. 12 of 1890 and No. 4 of 1897 (Cape of Good Hope), that the undermentioned applications for the registration of brands have been received:—

No.	Name.	Residence and Address.	District.	Brand.
5462	van Wyk, Johannes Petrus	Howard, Pk./*P.O.* Barkly-Wes/*West*	Barkly-Wes/*West*	X V I
5463	James, Alfred Stephen	Posbus/*P.O. Box* 12, Olifantshoek	Gordonia	G X J
5464	Steyn, Daniel Johannes	Uplands, Pk./*P.O.* Mafeking	Mafeking	m 6 L
5465	De Necker, Jan Daniel Jacobus	Vermaaklikheid, Pk./*P.O.* Riversdal	Riversdal	H J N
5466	Visser, Jacobus Johannes	Pk./*P.O.* Vorstershoop	Vryburg	> 7 V
5467	Mabasela, Eli Reginald	Vryburg-lokasie/*Location*	Vryburg	> E R
5468	Pottas Willem Roelof Johannes	Strangersrust, Pk./*P.O.* Pudimoe	Vryburg	> W 4
5469	Barnard, Philippus Jacobus	Bathurst, Ps./*P.B.* Terra Firma	Vryburg	> B F
5470	Klopper, Dawid Hendrik	Constable, Ps./*P.B.* Papanieloop, oor/*via* Vryburg	Vryburg	> Z K

2-9-16

✱ No. 109.] [16 Januarie 1953.

VEESIEKTEREGULASIES.—BEPALING VAN GEBIEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by regulasies 1 en 4 van die regulasies opgestel ingevolge artikel *drie-en-twintig* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, en gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1782 van 12 Desember 1941, soos gewysig, bepaal het dat die Drakensberg-lokasies Nos. 1 en 2 in die distrik Estcourt, gebiede is waarop die bepalings van genoemde regulasies 1 en 4 ten opsigte van diere van die perdefamilie van toepassing is.

✱ No. 110.] [16 Januarie 1953.

met dien verstande dat helfte van die dienstydperk(e) wat 'n leerlingapteker of ongeregistreerde assistent as winkelbediende in 'n apteek gehad het, by die vasstelling van sy loon meetel as diens as leerlingapteker of ongeregistreerde assistent, na gelang van die geval.

(*b*) Oor die gewone besoldiging van 'n bestuurder of van 'n uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer wat nie in paragraaf (*a*) genoem word nie, moet tussen werkgewer en werknemer ooreengekom word; met dien verstande dat hierdie besoldiging minstens gelyk moet wees aan die hoogste loon wat vir enige klas werknemer in paragraaf (*a*) voorgeskryf word, plus vyftien persent.

(*c*) *Los werknemers.*—'n Los werknemer moet vir elke dag of gedeelte van 'n dag diens minstens 'n vyfde van die weekloon betaal word of, in die geval van 'n stygende skaal, 'n vyfde van die loon wat voorgeskryf word vir 'n gekwalifiseerde werknemer in dieselfde gebied wat dieselfde klas werk doen as wat van die los werknemer vereis word.

(*d*) *Deeltydse winkelbediendes.*—'n Deeltydse winkelbediende moet minstens 55 persent ontvang van die loon wat voorgeskryf word vir 'n winkelbediende met dieselfde ondervinding in dieselfde gebied, met inagneming van die voorbehoudsbepaling by die woordbepaling „ondervinding".

(2) *Kontrakbasis.*—Vir die toepassing van hierdie klousule moet die loon van 'n werknemer buiten 'n weeklikse werknemer weekliks betaal word en behoudens soos in klousule 4 (6) bepaal word, moet die werknemer elke week minstens die volle weekloon betaal word wat in subklousule (1), saam met subklousule (3) gelees, vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word, afgesien daarvan of hy in die week die maksimum getal gewone werkure wat in klousule 5 voorgeskryf word, gewerk het of nie.

(3) *Differensiële lone.*—'n Werkgewer wat 'n lid van een klas werknemer verplig of toelaat om langer as een uur altesaam op 'n dag òf benewens òf in plaas van sy eie werk, werk van 'n ander klas te verrig waarvoor òf—

(*a*) 'n hoër loon as dié vir sy eie klas; òf

(*b*) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loonskaal as dié vir sy eie klas;

in subklousule (1) voorgeskryf word, moet die werknemer ten opsigte van so 'n dag—

(i) in die geval van paragraaf (*a*) minstens die dagloon wat volgens die hoër weekloon bereken word;

(ii) in die geval van paragraaf (*b*) minstens die dagloon wat bereken is volgens die hoogste weekloon in die stygende loonskaal betaal; met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is waar die verskil tussen die klasse volgens subklousule (1) een van geslag, ouderdom of ondervinding is nie;

Provided that one-half of any period or periods of employment which a chemist apprentice or an unregistered assistant has had as a shop assistant in a pharmacy shall for the purposes of determining the wage of such chemist apprentice or unregistered assistant be deemed to be employment as a chemist apprentice or an unregistered assistant, as the case may be.

(*b*) The ordinary remuneration of a manager or an executive, professional, technical or administrative employee, other than an employee mentioned in paragraph (*a*), shall be as agreed upon between such employee and his employer; provided that the remuneration so agreed upon shall not be less than the highest wage prescribed for any class of employee specified in paragraph (*a*) plus fifteen per cent.

(*c*) *Casual Employees.*—A casual employee shall be paid for each day or part of a day of employment, not less than one-fifth of the weekly wage, or, in the case of a rising scale, one-fifth of the wage for a qualified employee, prescribed for an employee in the same area performing the same class of work as such casual employee is required to perform.

(*d*) *Part-time Shop Assistant.*—A part-time shop assistant shall be paid not less than fifty-five per cent of the wage prescribed for a shop assistant in the same area and with the same experience, having due regard to the proviso to the definition "experience".

(2) *Basis of Contract.*—For the purposes of this clause the basis of contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be weekly and save as provided in clause 4 (6) an employee shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in sub-clause (1) read with sub-clause (3) for an employee of his class and area whether he has in that week worked the maximum ordinary hours prescribed in clause 5 or less.

(3) *Differential Wage.*—An employer, who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour in the aggregate on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which either—

(*a*) a wage higher than that of his own class; or

(*b*) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class;

is prescribed in sub-clause (1), shall pay to such employee in respect of that day—

(i) in the case referred to in paragraph (*a*), not less than the daily wage calculated on the higher weekly rate; and

(ii) in the case referred to in paragraph (*b*), not less than the daily wage calculated on the highest weekly rate for the higher class;

met dien verstande verder dat hierdie subklousule nie geld vir 'n winkelbediende wat goedere uitstal of vir 'n algemene werker wat stryk nie.

(4) *Dag- en maandloon.*—(*a*) Die dagloon van 'n werknemer, buiten 'n los werknemer, moet bereken word deur die weekloon wat in klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word, te verdeel deur—

(i) vyf in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk;

(ii) ses in die geval van 'n werknemer wat ses dae per week werk;

(iii) sewe in die geval van 'n werknemer wat sewe dae per week werk.

(*b*) Die maandloon van 'n werknemer word bereken teen 4⅓ maal die weekloon wat in klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word.

(5) *Verhogingsdatum.*—Verhogings wat 'n werknemer ingevolge subklousule (1) toekom, moet bereken word van die eerste of vyftiende dag van die maand na die datum van die maand waarop sy dienskontrak begin het; met dien verstande dat die verhogingsdatum van 'n werknemer wie se dienskontrak op die eerste of vyftiende dag van 'n maand begin het onderskeidelik die eerste of vyftiende dag van die maand moet wees.

(6) *Fietstoelae.*—'n Werkgewer wat 'n werknemer verplig of toelaat om sy eie fiets te gebruik vir sy werk, moet hom—

(*a*) in die geval van 'n werknemer, buiten 'n los werknemer, minstens drie sjielings en ses pennies per week;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, minstens nege pennies per dag;

betaal, benewens die loon wat in subklousule (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word.

(7) *Vervoertoelae en -koste.*—Benewens die besoldiging wat in hierdie Vasstelling voorgeskryf word, moet 'n handelsreisiger wat—

(*a*) deur sy werkgewer van motorvervoer voorsien word of wat per trein of met enige ander vervoermiddel buiten sy eie moet reis, deur sy werkgewer vergoed word vir alle redelike koste wat hy aangaan in verband met vervoer by die uitvoering van sy pligte, en vir die toepassing van hierdie subklousule word die oornag bêre van 'n motorvoertuig in 'n garage as vervoerkoste beskou;

(*b*) sy eie motorvervoer moet verskaf vir die uitvoering van sy pligte, 'n omvattende vervoertoelae van minstens agt pennies per myl betaal word wat vir die uitvoering van sy pligte afgelê word.

(8) *Onderhoudstoelae en onkoste.*—Benewens die besoldiging wat in hierdie Vasstelling voorgeskryf word, moet—

(*a*) 'n handelsreisiger of versorger-bestellingnemer wat tydens 'n reis ter uitvoering van sy pligte vir meer as ses opeenvolgende ure van sy woning en sy werkgewer se inrigting afwesig is—

(i) deur sy werkgewer vergoed word vir alle redelike koste wat hy aangegaan het vir maaltye en ligte ete vir homself tydens dié afwesigheid indien dit nie 'n nag insluit nie;

(ii) 'n onderhoudstoelae van minstens twee-en-twintig sjielings en ses pennies per nag betaal word waar die tydperk van afwesigheid een of meer nagte insluit;

(*b*) 'n monsterjong of handelsreisiger se bestuurder wat 'n handelsreisiger op 'n reis vergesel wat in die uitvoering van die handelsreisiger se pligte onderneem word, en sodoende vir meer as ses opeenvolgende ure van sy woonplek en sy werkgewer se inrigting afwesig is—

(i) deur sy werkgewer vergoed word vir alle redelike koste wat hy aangegaan het vir maaltye en ligte etes vir homself tydens dié afwesigheid indien dit nie 'n nag insluit nie,

(ii) 'n onderhoudstoelae van minstens vyf sjielings per nag betaal word waar die tydperk van afwesigheid een of meer nagte insluit;

met dien verstande dat die uitdrukking „nag" vir die toepassing van hierdie subklousule die tydperk tussen 11 nm. en 4 vm. beteken.

(9) Toelaes en koste wat 'n werknemer ingevolge subklousules (7) en (8) toekom binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het, deur die werkgewer betaal word; met dien verstande dat die werknemer sy eise om toelae of koste nie met tussenpose van minder as 'n week of meer as 'n maand mag indien nie.

Provided that where the difference between classes is, in terms of sub-clause (1), based on experience, sex or age, the provisions of this sub-clause shall not apply:
Provided further that this clause shall not apply to a shop assistant displaying goods or to a general worker who irons.

(4) *Daily and Monthly Wage.*—(*a*) The daily wage of an employee, other than a casual employee, shall be calculated by dividing the weekly wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class and area by—

(i) five, in the case of an employee who works a five-day week;

(ii) six, in the case of an employee who works a six-day week;

(iii) seven, in the case of an employee who works a seven-day week.

(*b*) The monthly wage of an employee shall be calculated at the rate of four and one-third times the wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class and area.

(5) *Incremental Date.*—Increments due to an employee in terms of sub-clause (1) shall be calculated from the first or fifteenth day of the month next succeeding the date in the month on which the employee commenced his contract of employment: Provided that the incremental date of an employee, who commenced his contract of employment on the first or fifteenth day of a month, shall be such first of fifteenth day, as the case may be.

(6) *Bicycle Allowance.*—An employer who requires or permits an employee to use his own bicycle in the performance of his duties shall pay to him—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, not less than three shillings and six pennies per week; and

(*b*) in the case of a casual employee, not less than nine pennies per day;

in addition to the wage prescribed in sub-clause (1) for an employee of his class and area.

(7) *Transport Allowance and Expenses.*—In addition to the remuneration prescribed in this Determination—

(*a*) a traveller who uses his employer's motor transport or who is required to travel by train or any other but his own means of conveyance shall be reimbursed by his employer all the reasonable expenses incurred by him in connection with such transport in the performance of his duties and for the purposes of this sub-clause the overnight garaging of motor transport shall be deemed to be a transport expense;

(*b*) a traveller who is required to provide motor transport for the performance of his duties shall be paid by his employer an inclusive transport allowance of not less than eightpence for each mile travelled in the performance of his duties.

(8) *Subsistence Allowance and Expenses.*—In addition to the remuneration prescribed in this Determination—

(*a*) a traveller or a service supply salesman, who on any journey undertaken in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, shall be—

(i) reimbursed by his employer all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night, or

(ii) paid by his employer a subsistence allowance of not less than twenty-two shillings and sixpence for each night where such absence extends over one or more nights;

(*b*) a sample boy or a traveller's driver who, accompanying a traveller on any journey undertaken by the traveller in the performance of his duties, is absent from his place of residence and his employer's establishment for any period in excess of six consecutive hours, shall be—

(i) reimbursed by his employer all expenses reasonably incurred by him for any meals and teas for himself during each such period of absence not extending over a night; or

(ii) paid by his employer a subsistence allowance of not less than five shillings for each night where such absence extends over one or more nights;

provided that for the purpose of this sub-clause the expression "night" means the period between 11 o'clock p.m. and 4 o'clock a.m.

(9) Any allowance and expenses payable to an employee in terms of sub-clauses (7) and (8) shall be paid by an employer within seven days of the employee's written claim therefor: Provided that an employee shall not submit more than one claim for any such allowance and expenses in any one week, nor shall he submit any such claims at intervals between claims of more than one month.

(10) *Dienstoelae.*—(*a*) 'n Klerklike werknemer wat twaalf maande diens as gekwalifiseerde werknemer by dieselfde werkgewer het, of 'n onderbaas wat twaalf maande diens òf as onderbaas òf as gekwalifiseerde klerklike werknemer by dieselfde werkgewer het, moet benewens die loon wat in subklousule (1) voorgeskryf word, 'n dienstoelae vir verdere aaneenlopende diens by dié werkgewer betaal word van minstens—

(i) in die geval van 'n vroulike werknemer, vyftien sjielings per maand vir die eerste twaalf maande verdere diens, een pond tien sjielings per maand gedurende die tweede twaalf maande, twee pond vyf sjielings per maand gedurende die derde twaalf maande, drie pond per maand gedurende die vierde twaalf maande en vier pond per maand daarna;

(ii) in die geval van 'n manlike werknemer, een pond vyf sjielings per maand vir die eerste twaalf maande verdere diens, twee pond tien sjielings vir die tweede twaalf maande, drie pond vyftien sjielings vir die derde twaalf maande en vyf pond per maand daarna.

(*b*) 'n Ongeregistreerde assistent met drie jaar diens as geregistreerde assistent word na voltooiing van sy vakleerlingskap vir die toepassing van hierdie klousule as 'n gekwalifiseerde manlike winkelbediende beskou.

(*c*) Vir die toepassing van hierdie subklousule word beskou dat die uitdrukking „klerklike werknemer" 'n uitstaller en 'n winkelbediende insluit, en die drie klasse werk is omruilbaar.

(*d*) Vir die toepassing van hierdie Vasstelling word beskou dat 'n verwysing na 'n werknemer se loon vir all doeleindes die loon beteken wat in subklousule (1) voorgeskryf word, plus enige dienstoelae wat ingevolge hierdie subklousule betaalbaar is.

4. BETALING VAN BESOLDIGING.

(1) *Werknemers, buiten los werknemers.*—Behoudens soos in klousules 3 (9) en 6 (4) bepaal, moet bedrae wat 'n werknemer, buiten 'n los werknemer, toekom, weekliks of maandeliks binne werkure op die gewone betaaldag van die inrigting, of by diensbeëindiging indien dit voor die gewone betaaldag van die inrigting plaasvind, in kontant betaal word of, as die werkgewer en werknemer aldus ooreengekom het, per tjek, en die bedrae moet in 'n geslote koevert of ander houer wees waarop, of vergesel van 'n staat waarop, onderstaande besonderhede voorkom:—

(*a*) Naam van werkgewer;
(*b*) naam en bedryf van werknemer;
(*c*) getal gewone en oortydure gewerk;
(*d*) loon van werknemer;
(*e*) lewenskostetoelae van werknemer;
(*f*) besonderhede van aftrekkings;
(*g*) werklike bedrag wat aan werknemer betaal word;
(*h*) tydperk ten opsigte waarvan betaling gemaak word;

met dien verstande dat die betaaldag van weeklikse werknemers nie op 'n Saterdag mag val nie en dat, indien die laaste werkdag van die maand op 'n Saterdag val, maandelikse werknemers betaal moet word op of voor die laaste werkdag vóór dié Saterdag.

(2) *Los werknemers.*—'n Werkgewer moet los werknemers by diensbeëindiging in kontant betaal.

(3) *Premies.*—Geen regstreekse of onregstreekse betaling mag aan 'n werkgewer ten opsigte van die diens of opleiding van 'n werknemer gemaak of deur hom aangeneem word nie.

(4) *Koop van goedere.*—Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig om goedere by hom of by 'n winkel of persoon wat hy vasstel, te koop nie.

(5) *Losies en inwoning.*—Behoudens soos in die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, bepaal, mag geen werkgewer 'n werknemer verplig om losies of inwoning of albei aan te neem van hom of van 'n persoon of by 'n plek wat hy vasstel nie.

(6) *Boetes en aftrekkings.*—'n Werkgewer mag 'n werknemer geen boetes oplê nie en mag geen aftrekkings buiten die volgende van die werknemer se besoldiging maak nie:—

(*a*) Met die werknemer se geskrewe toestemming, 'n aftrekking ten opsigte van 'n vakansie-, siektebystands- versekerings-, spaar-, voorsorgs-, of pensioenfonds of ledegeld van 'n vakvereniging;

(*b*) buiten waar in hierdie Vasstelling anders bepaal word, wanneer 'n werknemer, behalwe op las of versoek van die werkgewer, van sy werk afwesig is, 'n aftrekking ten opsigte van die tydperk van afwesigheid bereken volgens die loon wat die werknemer op dié tydstip ten opsigte van sy gewone werkure ontvang;

(*c*) 'n aftrekking van enige bedrag wat die werkgewer deur 'n wet of op las van 'n bevoegde hof verplig of toegelaat word om te maak;

(*d*) behoudens die bepalings van subklousule (4), moet die werknemer se geskrewe toestemming 'n aftrekking van enige bedrag wat hy aan die werkgewer verskuldig is vir goedere by hom gekoop; met dien verstande dat so 'n aftrekking nie meer as een-derde van die werknemer se totale besoldiging mag bedra nie;

(*e*) 'n aftrekking van kontant wat die werkgewer aan die werknemer voorgeskiet het; met dien verstande dat dit nie meer as een-derde van die werknemer se totale besoldiging mag bedra nie;

(10) *Service Allowance.*—(*a*) A clerical employee, who has had twelve months' employment as a qualified employee with the same employer, or a chargehand, who has had twelve months' employment either as a chargehand or as a qualified clerical employee with the same employer, shall be paid by that employer, in addition to the wage prescribed for such employee in sub-clause (1), a service allowance in respect of all further continuous employment with such employer of not less than—

(i) in the case of a female employee, fifteen shillings per month during the first period of twelve months of such further employment, one pound ten shillings per month during the second such period, two pounds five shillings per month during the third such period, three pounds per month during the fourth such period and four pounds per month thereafter;

(ii) in the case of a male employee, one pound five shillings per month during the first period of twelve months of such further employment, two pounds ten shillings during the second such period, three pounds fifteen shillings during the third such period and five pounds per month thereafter.

(*b*) An unregistered assistant who has had three years' employment, as an unregistered assistant, after completion of his apprenticeship shall, for the purpose of this clause be deemed to be a qualified male shop assistant.

(*c*) For the purposes of this sub-clause the expression "clerical employee" shall be deemed to include a displayer and a shop assistant and these three classes shall be interchangeable with one another.

(*d*) For the purposes of this Determination any reference to the wage of an employee shall for all purposes be deemed to mean the wage prescribed in sub-clause (1) together with any service allowance due in terms of this sub-clause.

4. PAYMENT OF REMUNERATION.

(1) *Employees, other than casual employees.*—Save as provided in clauses 3 (9) and 6 (4) any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid weekly or monthly in cash, or, if the employer and employee have agreed thereto, by cheque, during the hours of work on the usual pay day of the establishment or on termination of employment if this takes place before the usual pay day and shall be contained in a closed envelope or container, on which shall be reflected, or which shall be accompanied by a statement showing:—

(*a*) the employer's name;
(*b*) the employee's name and occupation;
(*c*) the number of ordinary and overtime hours worked;
(*d*) the employee's wage;
(*e*) the employee's cost of living allowance;
(*f*) the details of any deductions made;
(*g*) the actual amount paid to the employee; and
(*h*) the period in respect of which payment is made:

Provided that the pay day for weekly employees shall not be on a Saturday and that if the last work day of any month falls on a Saturday, monthly employees shall be paid on or before the last work day immediately preceding such Saturday.

(2) *Casual Employees.*—An employer shall pay the remuneration due to his casual employee in cash on termination of his employment.

(3) *Premiums.*—No payment shall be made to or accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of an employee.

(4) *Purchase of Goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop or person nominated by him.

(5) *Board and Lodging.*—Save as provided in the Natives (Urban Areas) Consolidated Act, 1945, an employer shall not require his employee to board or lodge or board and lodge with him or with any person or at any place nominated by him.

(6) *Fines and Deductions.*—An employer may not levy any fines against his employee nor may he make deductions from his employee's remuneration other than the following:—

(*a*) With the written consent of his employee a deduction for holiday, sick benefit, insurance, savings, provident or pension funds or subscriptions to a trade union;
(*b*) except where otherwise provided in this Determination, whenever an employee is absent from work, other than on the instructions or at the request of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time thereof;
(*c*) a deduction of any amount which an employer by any law or order of any competent court is required or permitted to make;
(*d*) subject to the provisions of sub-clause (4), with the written consent of his employee, a deduction of any amount due to an employer for goods purchased from him by his employee: Provided that such deduction shall not exceed one-third of the total remuneration due to such employee;
(*e*) a deduction of any cash advanced by an employer to his employee: Provided that such deduction shall not exceed one-third of the total remuneration due to such employee;

(*f*) wanneer 'n werknemer toestem of deur die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945, verplig word om losies of inwoning of albei van sy werkgewer aan te neem, 'n aftrekking van hoogstens die volgende bedrae:—

	Per week.	*Per maand.*
	s. d.	£ s. d.
Losies	4 0	0 17 4
Inwoning	2 0	0 8 8
Losies en inwoning	6 0	1 6 0

5. WERKURE, GEWONE EN OORTYD-, EN BETALING VIR OORTYD.

(1) *Gewone werkure.*—'n Werknemer se gewone werkure mag hoogstens die volgende wees:—

(*a*) In die geval van 'n algemene werker en 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik goedere aflewer—

(i) ses-en-veertig per week;

(ii) nege uur en twaalf minute per dag in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk en agt uur per dag in die geval van 'n werknemer wat ses dae per week werk tensy daar op een dag hoogstens vyf uur gewerk word; in dié geval mag die ure op die ander dae nie 8½ te bowe gaan nie, en die totaal mag hoogstens 46 per week wees;

(*b*) in die geval van 'n deeltydse winkelbediende—

(i) vier-en-twintig per week;

(ii) vier per dag;

(*c*) in die geval van 'n los werknemer, agt uur per dag; met dien verstande dat—

(i) waar 'n werknemer 'n klant moet bedien na die gewone werkure wat in subparagrawe (*b*), (*c*) of (*d*) (ii) bepaal word, genoemde werkure nie met meer as vyftien minute per dag of een uur per week oorskry mag word nie;

(ii) waar die wet 'n laatsluitingsdag toelaat, die gewone werkure wat in subparagraaf (*d*) (ii) voorgeskryf word, met 1½ uur oorskry mag word mits die grens wat deur subparagraaf (*d*) (i) gestel word, nie daardeur oorskry word nie;

(*d*) in die geval van ander werknemers—

(i) vyf-en-veertig uur per week;

(ii) nege uur per dag in die geval van werknemers wat vyf dae per week werk en agt uur per dag op vyf dae van die week plus vyf ure op een dag in die geval van werknemers wat ses dae per week werk.

(2) *Etenspouses.*—Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om meer as vyf uur aanmekaar te werk sonder 'n etenspouse van minstens een uur waarin hy nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te doen en wat nie as deel van die werkure of oortyd beskou word nie; met dien verstande dat—

(i) werktydperke wat deur pouses van minder as 'n uur onderbreek word, as aaneenlopend beskou word;

(ii) indien so 'n pouse meer as 'n uur en 'n half duur, alle tyd bo 1½ uur as gewone werkure of oortyd beskou word;

(iii) in die geval van 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik die perseel skoonmaak, indien die pouse langer as drie uur is, alle tyd bo drie uur as gewone werkure of oortyd beskou word.

(3) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet 'n ruspouse van tien minute so na doenlik aan die middel van die oggend- en middagwerktydperke aan elke werknemer toestaan; tydens die pouse mag geen werknemer verplig of toegelaat word om te werk nie, en dit word as deel van die gewone werkure beskou.

(4) *Werkure moet aaneenlopend wees.*—Behoudens soos in subklousules (2) en (3) bepaal, moet werkure aaneenlopend wees.

(5) *Oortyd.*—Alle werkure bo die maksimum getal gewone werkure wat in subklousule (1) voorgeskryf word, word as oortyd beskou.

(6) *Beperking van oortyd.*—Geen werkgewer mag 'n werknemer verplig of toelaat om meer as—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat voltyds of hoofsaaklik goedere versend, aflewer of ontvang—

(i) ses uur per week;

(ii) drie uur per dag;

(*b*) in die geval van ander werknemers—

(i) dertig uur per jaar;

(ii) ses uur per week;

(iii) drie uur per dag;

oortyd te werk nie; met dien verstande dat vir voorraadopname die daaglikse beperking wat in paragraaf (*b*) (iii) voorgeskryf word, met hoogstens een uur oorskry mag word op hoogstens twee dae per week, en die weeklikse beperking wat in paragraaf (*b*) (ii) voorgeskryf word, met hoogstens twee uur; met

(*f*) whenever an employee agrees or is required in terms of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945, to accept board or lodging or board and lodging with his employer, a deduction not exceeding the amounts specified hereunder:—

	Per Week.	*Per Month.*
	s. d.	£ s. d.
Board	4 0	0 17 4
Lodging	2 0	0 8 8
Board and lodging	6 0	1 6 0

5. HOURS OF WORK, ORDINARY AND OVERTIME AND PAYMENT FOR OVERTIME.

(1) *Ordinary hours of work.*—The ordinary hours of work of an employee shall not exceed—

(*a*) in the case of a general worker and an employee wholly or mainly engaged in the despatch or delivery of goods—

(i) forty-six in any week;

(ii) nine hours and twelve minutes on any day, in the case of an employee who works a five-day week, or in the case of an employee who works a six-day week, eight hours on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on the other days shall not exceed eight and a half on any day but so the aggregate shall not exceed forty-six in any week;

(*b*) in the case of a part-time shop assistant—

(i) twenty-four in any week;

(ii) four on any day;

(*c*) in the case of a casual employee, eight hours on any day: Provided that—

(i) where an employee is required to attend to a customer after the completion of the ordinary hours of work referred to in sub-paragraphs (*b*), (*c*) or (*d*) (ii) the said ordinary hours of work may be exceeded by not more than fifteen minutes on any day and by not more than one hour in any week;

(ii) where a late closing day is permitted by law, the ordinary hours of work prescribed in sub-paragraph (*d*) (ii) may exceed by one and a half hours, if by such extension the limitation prescribed in sub-paragraph (*d*) (i) is not exceeded.

(*d*) in the case of every other employee—

(i) forty-five hours in any week;

(ii) nine hours on any day, in the case of an employee who works a five-day week, or, eight hours on five days in any week and five hours on one day in such week, in the case of an employee who works a six-day week;

(2) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(i) periods of work interrupted by less than one hour shall be deemed to be continuous;

(ii) if such interval be longer than one and a half hours any period in excess of one and a half hours shall be deemed to be ordinary hours of work or overtime;

(iii) in the case of an employee wholly or mainly engaged in cleaning premises, if such interval be longer than three hours any period in excess of three hours shall be deemed to be ordinary hours of work or overtime.

(3) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of ten minutes as nearly as practicable in the middle of each morning and afternoon work period during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work.

(4) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in sub-clauses (2) and (3) all hours of work shall be consecutive.

(5) *Overtime.*—All hours worked in excess of the maximum number of ordinary hours of work prescribed in sub-clause (1) shall be deemed to be overtime.

(6) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—

(*a*) in the case of an employee wholly or mainly engaged in the despatch, delivery or receipt of goods—

(i) six hours in any week;

(ii) three hours on any day;

(*b*) in the case of every other employee—

(i) thirty hours in any year;

(ii) six hours in any week;

(iii) three hours on any day:

Provided that for the purpose of stocktaking the daily limitation prescribed in paragraph (*b*) (iii) may be exceeded by not more than the one hour on not more than two days per week and the weekly limitation prescribed in paragraph (*b*) (ii) may be exceeded by not more than two hours and provided further

dien verstande verder dat die oortydbeperking in hierdie subklousule gedurende die tydperk 1 tot en met 24 Desember oorskry mag word met hoogstens vyftien uur altesaam mits die daaglikse beperking nie oorskry word nie.

(7) *Betaling vir oortyd.*—'n Werkgewer moet—

(*a*) 'n werknemer, buiten 'n los werknemer of deeltydse winkelbediende, vir oortydwerk betaal teen minstens 1½ maal die weekloon wat in klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word, verdeel deur die gewone getal weeklikse werkure wat in subklousule (1) vir so 'n werknemer voorgeskryf word;

(*b*) 'n los werknemer vir oortydwerk betaal teen minstens 1½ maal die dagloon wat in klousule 3 (1) vir so 'n los werknemer voorgeskryf word, verdeel deur agt;

(*c*) 'n deeltydse winkelbediende vir oortydwerk betaal teen minstens 1½ maal die dagloon wat vir so 'n werknemer voorgeskryf word, verdeel deur vier;

ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur wat so gewerk word.

(8) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Hierdie klousule geld nie vir 'n opsigter, 'n wag of werknemer wat diere versorg of in- of uitspan nie.

(*b*) Die bepalings van subklousules (2), (3), (4) en (6) geld nie vir 'n werknemer wat noodwerk doen nie.

(*c*) Subklousule (3) geld nie vir 'n motorvoertuigbestuurder wat goedere aflewer of vir 'n algemene werker wat op so 'n motorvoertuig behulpsaam is of wat briewe, boodskappe of goedere te voet of per fiets, driewiel of ander hand- of voetaangedrewe voertuig aflewer nie.

(*d*) Subklousule 6 (*a*) geld nie vir 'n aptekerswerknemer wat briewe, boodskappe of goedere te voet of per fiets, driewiel of ander hand- of voetaangedrewe voertuig aflewer nie.

(*e*) Subklousules (2), (3) en (4) geld nie vir 'n werknemer wat die loon in klousule 17 ontvang, 'n apteker of 'n werknemer wat radio's, yskaste of ander elektriese toerusting verkoop, installeer, heelmaak of demonstreer nie.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Onderworpe aan subklousule (2) moet 'n werkgewer aan elke werknemer, buiten 'n los werknemer, vir elke voltooide twaalf maande diens by hom toestaan—

(*a*) in die geval van 'n monsterbediende, handelsreisiger, handelsreisiger se bestuurder en wag—

(i) een-en-twintig aaneenlopende kalenderdae verlof vir die eerste voltooide twaalf maande diens; en

(ii) vier-en-twintig aaneenlopende kalenderdae verlof vir elke voltooide twaalf maande diens daarna;

(*b*) in die geval van ander werknemers—

(i) agtien aaneenlopende kalenderdae verlof vir die eerste voltooide twaalf maande diens; en

(ii) een-en-twintig aaneenlopende kalenderdae verlof vir elke voltooide twaalf maande diens daarna;

en moet so 'n werknemer soos volg betaal:—

(i) In die geval van 'n werknemer wat in paragrawe (*a*) (i) en (*b*) (ii) genoem word, minstens driemaal die weekloon wat hy ontvang op die dag wanneer hy tot verlof geregtig word;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat in paragraaf (*a*) (ii) genoem word, minstens 3½ maal die weekloon wat hy ontvang op die dag wanneer hy tot verlof geregtig word.

(iii) in die geval van 'n werknemer wat in paragraaf (*b*) (i) genoem word minstens 2½ maal die weekloon wat hy ontvang op die dag wanneer hy tot verlof geregtig word.

(2) Die verlof wat in subklousule (1) genoem word, moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer vasstel; met dien verstande dat—

(i) indien die verlof nie vroeër toegestaan is nie, dit toegestaan moet word binne twee maande na die voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het of, as die werkgewer en werknemer aldus ooreengekom het, binne ses maande na voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het;

(ii) die verloftydperk nie mag saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of met 'n opleidingstydperk wat die werknemer ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, moet ondergaan nie;

(iii) indien 'n openbare vakansiedag binne die verloftydperk val, 'n werkdag in die plek van so 'n vakansiedag by die verloftydperk gevoeg moet word en die werknemer sy dagloon moet ontvang ten opsigte van elke dag wat op hierdie wyse by sy verlof gevoeg word;

(iv) die werkgewer elke dag geleentheidsverlof met volle betaling wat gedurende die twaalf maande diens waarop die jaarlikse verlof betrekking het, op skriftelike versoek van die werknemer toegestaan is, van die jaarlikse verlof mag aftrek;

that during the period first to twenty-fourth December, inclusive, the limitations of overtime prescribed in this sub-clause may be exceeded by not more than a total of fifteen hours but so that the daily limitations prescribed are not exceeded.

(7) *Payment for overtime.*—An employer shall pay—

(*a*) to his employee, other than a casual employee or a part-time shop assistant, who works overtime, not less than one and one-third times the weekly wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class and area divided by the number of weekly ordinary hours of work prescribed for such an employee in sub-clause (1);

(*b*) to his casual employee, who works overtime, not less than one and one-third times the daily wage prescribed in clause 3 (1) for such casual employee, divided by eight;

(*c*) to his part-time shop assistant, who works overtime, not less than one and one-third times the daily wage prescribed for such employee, divided by four;

in respect of each hour or part of an hour so worked.

(8) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a caretaker, a watchman or an employee engaged in tending, harnessing or unharnessing animals.

(*b*) The provisions of sub-clauses (2), (3), (4) and (6) shall not apply to an employee engaged on emergency work.

(*c*) The provisions of sub-clause (3) shall not apply to a driver of a motor vehicle engaged in the delivery of goods or to a general worker assisting on any such vehicle or engaged in delivering or conveying letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot propelled vehicle.

(*d*) The provisions of sub-clause 6 (*a*) shall not apply to a pharmacy employee engaged in delivering or conveying letters, messages or goods on foot or by means of a bicycle, tricycle or other hand or foot propelled vehicle.

(*e*) The provisions of sub-clauses (2), (3) and (4) shall not apply to an employee who receives the remuneration mentioned in clause 17, a chemist, or an employee engaged in the sale, installation, repair or demonstration of radios, refrigerators or other electrical appliances.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months' employment with him—

(*a*) in the case of a sample boy, traveller, traveller's driver and a watchman—

(i) twenty-one consecutive calendar days' leave in respect of the first completed twelve months' employment; and

(ii) twenty-four consecutive calendar days' leave in respect of each succeeding completed twelve months' employment;

(*b*) in the case of every other employee—

(i) eighteen consecutive calendar days' leave in respect of the first completed twelve months' employment; and

(ii) twenty-one consecutive calendar days' leave in respect of each succeeding completed twelve months' employment;

and shall pay to such employee—

(i) in the case of an employee mentioned in paragraph (*a*) (i) and (*b*) (ii) not less than three times the weekly wage to which he is entitled on the day on which the leave accrues;

(ii) in the case of an employee mentioned in paragraph (*a*) (ii), not less than three and a half times the weekly wage to which he is entitled on the day on which the leave accrues;

(iii) in the case of an employee mentioned in paragraph (*b*) (i), not less than two and a half times the weekly wage to which he is entitled on the day on which the leave accrues;

(2) The leave referred to in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave had not been granted earlier it shall be granted within two months after the completion of the twelve months of employment to which it relates, or, if the employer and his employee have agreed thereto, the period within which such leave must be granted may be increased to a period not exceeding six months reckoned from the completion of the twelve months of employment to which the leave relates;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor with any period of training which the employee is required to undergo under the South Africa Defence Act, 1912;

(iii) if a public holiday falls within the period of such leave, another day work shall, for each such holiday, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid his daily wage in respect of each such day added;

(iv) an employer may set off against such period of leave any day of occasional leave granted on full pay to his employee at his employee's written request during the period of twelve months of employment to which the period of annual leave relates;

(v) indien 'n werkgewer van sy werknemer vereis om verlof te neem voor die voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het, hy die volle verloftydperk ten opsigte van twaalf maande diens moet toestaan, en die werknemer met inagneming van verhogings ingevolge klousule 3 (1) ten opsigte van die verloftydperk minstens die loon moet betaal waartoe hy geregtig sou wees op die datum wanneer die verlof hom toekom;

met dien verstande dat indien 'n werknemer se diens beëindig word voor afloop van die twaalf maande ten opsigte waarvan verlof kragtens hierdie voorbehoudsbepaling toegestaan is, die werkgewer die verskil tussen die bedrag wat ingevolge subklousule (1) aan die werknemer betaal is en die bedrag waartoe hy by diensbeëindiging ingevolge subklausule (5) geregtig sou gewees het as verlof nie toegestaan is nie, kan aftrek van enige besoldiging wat die werknemer by diensbeëindiging toekom.

(3) Op versoek van 'n werknemer wat minder as £2. 10s. per week verdien, buiten 'n leerlingapteker, klerklike werknemer, uitstaller, winkelbediende, versteller of hoedeversteller, kan 'n werkgewer in plaas van die verlof wat in subklousule (1) vir so 'n werknemer voorgeskryf word, aan die werknemer minstens die bedrag betaal wat hy hom ten opsigte van die verlof sou moes betaal het indien dit toegestaan is; met dien verstande dat dié betaling in plaas van verlof nie meer as eenmaal in elke twee opeenvolgende dienstydperke van twaalf maande toegelaat word nie.

(4) *Verlofbetaling.*—Besoldiging ten opsigte van die jaarlikse verlof wat in subklousule (1) voorgeskryf word, moet voor of op die laaste werkdag voor die aanvang van die verlof betaal word.

(5) 'n Werknemer wie se dienskontrak in die loop van enige dienstydperk van twaalf maande by dieselfde werkgewer eindig voordat hy geregtig geword het tot die verlof ten opsigte van dié dienstydperk soos in subklousule (1) voorgeskryf, moet by diensbeëindiging in plaas van verlof ten opsigte van elke voltooide maand van die dienstydperk minstens die volgende betaal word:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer wat in paragrawe (*a*) (i) en (*b*) (ii) van subklousule (1) genoem word, 'n kwart van die weekloon;

(*b*) in die geval van 'n werknemer wat in paragraaf (*a*) (ii) van subklousule (1) genoem word, twee-sewendes van die weekloon;

(*c*) in die geval van 'n werknemer wat in paragraaf (*b*) (i) van subklousule (1) genoem word, vyf vier-en-twintigstes van die weekloon;

wat hy onmiddellik voor diensbeëindiging ontvang het; met dien verstande dat 'n werkgewer 'n *pro rata* aftrekking mag maak ten opsigte van enige verloftydperk wat kragtens die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan is, en met dien verstande verder dat 'n werknemer wat sy diens verlaat sonder die toestemming van sy werkgewer of sonder om die diensopseggingstyd wat deur klousule 12 voorgeskryf word, uit te dien of sonder 'n rede wat by wet as voldoende beskou word, nie geregtig tot enige betaling kragtens hierdie subklousule is nie.

(6) 'n Werknemer wat kragtens subklousule (1) tot verlof geregtig geword het en wie se dienskontrak eindig voordat die verlof toegestaan is, moet by diensbeëindiging die bedrag ontvang wat hy ten opsigte van verlof sou ontvang het as dit ten tyde van diensbeëindiging aan hom toegestaan is.

(7) Vir die toepassing van hierdie klousule word beskou dat die uitdrukking „diens" alle tydperke insluit waarin die werknemer—

(*a*) kragtens subklousule (1) met verlof is;

(*b*) kragtens klousule 7 met siekteverlof is;

(*c*) op las of versoek van sy werkgewer afwesig is;

(*d*) opleiding ondergaan ingevolge die Zuid Afrika Verdedigingswet;

maar hoogstens twaalf weke per jaar altesaam, en daar word verder beskou dat diens begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat ingevolge 'n wet tot verlof geregtig geword het voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, van die datum waarop hy laas ingevolge die wet tot verlof geregtig was;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat in diens was voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling en vir wie by wet voorsiening gemaak is vir jaarlikse verlof, maar wat nog nie daartoe geregtig geword het nie, van die datum waarop hy in diens getree het;

(iii) in die geval van 'n ander werknemer, van die datum waarop hy by sy huidige werkgewer in diens getree het of van die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, wat ook al die jongste datum is.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) 'n Werkgewer moet aan 'n werknemer wat weens ongesteldheid van sy werk afwesig is—

(*a*) in die geval van 'n werknemer wat vyf dae per week werk, minstens twintig werkdae;

(v) when an employer requires his employee to take leave before the expiry of the twelve months of employment to which it relates, the employer shall grant such employee the full period of leave accruable for twelve months of employment and with due regard to the accrual of any increments in terms of clause 3 (1) shall pay such employee in respect of such leave not less than at the rate of the wage which would be payable to such employee at the date on which the leave would accrue;

provided that where an employee's employment terminates before the expiration of the twelve months in respect of which the leave was granted in terms of this proviso, the employer may set off against any remuneration due to the employee at the termination of employment, the difference between the amount paid to the employee in terms of sub-clause (1) and the amount to which he would have been entitled at termination in terms of sub-clause (5), if the leave had not been granted to him.

(3) At the request of an employee earning a wage of less than £2. 10s. per week, other than a chemist apprentice, clerical employee, displayer, shop assistant, alteration hand or an alteration milliner, an employer may, in lieu of granting the leave prescribed for such employee in sub-clause (1), pay to such employee not less than the amount which the employer would have had to pay to such employee in respect of such leave if the leave were granted; provided that such payment in lieu of leave shall not be permitted more often than once in every two consecutive periods of twelve months' employment.

(4) *Leave Remuneration.*—The remuneration in respect of the annual leave prescribed in sub-clause (1) shall be paid not later than the last work day before the date of the commencement of the leave.

(5) An employee whose contract of employment terminates during any period of twelve months' employment with the same employer before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period had accrued, shall upon such termination, be paid in lieu of leave, in respect of each completed month of such period of employment not less than—

(*a*) in the case of an employee referred to in paragraphs (*a*) (i) and (*b*) (ii) of sub-clause (1), one-fourth of the weekly wage;

(*b*) in the case of an employee referred to in paragraph (*a*) (ii) of sub-clause (1), two-sevenths of the weekly wage;

(*c*) in the case of an employee referred to in paragraph (*b*) (i) of sub-clause (1), five-twenty-fourths of the weekly wage;

he was receiving immediately before the date of such termination; provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee, who leaves his employment without the consent of his employer or without having given and served the period of notice prescribed by clause 12 or without cause recognised by law as sufficient, shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed by sub-clause (1) and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall upon such termination be paid the amount he would have received in respect of leave, had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of sub-clause (1);

(*b*) absent on sick leave in terms of clause 7;

(*c*) absent on the instructions or at the request of his employer;

(*d*) undergoing any training which he is required to do under the South Africa Defence Act, 1912;

amounting in the aggregate to not more than twelve weeks in any year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to leave in terms of any law, from the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to leave in terms thereof, from the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, from the date on which such employee entered his employer's service or from the date of coming into force of this Determination, whichever is the later.

7. SICK LEAVE.

(1) An employer shall grant to his employee who is absent from work through incapacity—

(*a*) in the case of an employee who works a five-day week, not less than twenty work days;

(*b*) in die geval van ander werknemers, minstens vier-en-twintig werkdae;

siekteverlof altesaam toestaan in elke kringloop van vier-en-twintig aaneenlopende maande diens by hom en moet die werknemer ten opsigte van so 'n afwesigheid minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gewerk het; met dien verstande dat—

(i) die werknemer in die eerste vier-en-twintig aaneenlopende maande diens nie tot meer as een dag siekteverlof met volle betaling per maand diens geregtig is nie, met 'n maksimum van tien werkdae in elke twaalf maande diens ten opsigte van 'n werknemer wat in subklousule (1) (*a*) genoem word;

(ii) 'n werkgewer, voordat hy 'n bedrag betaal wat kragtens hierdie klousule deur 'n werknemer geëis word ten opsigte van 'n afwesigheid van meer as drie dae weens ongesteldheid, 'n werknemer kan verplig om 'n sertifikaat te toon wat deur 'n mediese dokter onderteken is en waarop die aard en duur van die ongesteldheid aangegee word;

(iii) hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer wie se werkgewer op sy geskrewe versoek bydraes maak tot 'n fonds of organisasie, deur die werknemer benoem, wat onderneem om hom ingeval van ongesteldheid soos in hierdie klousule uiteengesit, minstens sy loon te betaal vir twintig of vier-en-twintig werkdae per vier-en-twintig maande diens, na gelang van die geval, en minstens dieselfde oplopingstempo gedurende die eerste twaalf maande as wat die eerste voorbehoudsbepaling by hierdie subklousule vasgestel word;

(iv) waar 'n werkgewer by wet verplig word om hospitaalgelde of gelde vir mediese behandeling namens 'n werknemer te betaal en dit ook wel betaal, dié bedrag afgetrek kan word van die siekteverlofbetaling ingevolge hierdie klousule;

(v) indien 'n werkgewer deur 'n ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van 'n ongesteldheid wat deur hierdie klousule gedek word, en die loon ook wel betaal, hierdie klousule nie van toepassing is nie.

(2) Indien 'n werknemer weens ongesteldheid afwesig is vir 'n langer tydperk as waarvoor siekteverlof op die tydstip opgeloop het, is hy slegs tot betaling geregtig vir die tydperk van die siekteverlof wat reeds opgeloop het; maar as dit gedurende die eerste vier-en-twintig maande diens gebeur moet die werkgewer hom aan die einde van die vier-en-twintig maande diens, of by diensbeëindiging indien dit vroeër plaasvind, ten opsigte van die verdere tydperk van ongesteldheid betaal vir sover siekteverlof by die verstryking van die vier-en-twintig maande diens of by diensbeëindiging opgeloop het maar nie geneem is nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie klousule word beskou dat die uitdrukking—

„diens", 'n tydperk of tydperke insluit waarin die werknemer—

(*a*) kragtens klousule 6 met verlof is;

(*b*) op las of versoek van sy werkgewer afwesig is;

(*c*) kragtens subklousule (1) met siekteverlof is;

(*d*) opleiding ondergaan ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912;

mits dit altesaam nie meer as twaalf weke per jaar is nie en daar word beskou dat diens begin op die datum waarop die werknemer in die diens van sy huidige werkgewer getree het of waarop hierdie Vasstelling in werking tree, watter ook al die jongste datum is; met dien verstande dat 'n dienstydperk van twaalf maande of minder by dieselfde werkgewer onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie vasstelling, in die loop waarvan geen siekteverlof of slegs die siekteverlof wat in voorbehoudsbepaling (i) van subklousule (1) voorgeskryf word, kragtens Vasstelling No. 70 aan die werknemer toegestaan is, vir die toepassing van hierdie klousule ook as diens by dieselfde werkgewer beskou word; en

„ongesteldheid", onbevoegdheid om te werk beteken weens siekte of besering opgedoen in 'n ongeluk waarvoor geen vergoeding ingevolge die Ongevallewet, 1941, betaal word nie en deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is.

8. Openbare vakansiedae en Sondae.

(1) *Openbare vakansiedae.*—'n Werknemer, buiten 'n los werknemer of wag, is geregtig tot verlof met minstens sy gewone dagloon op elke openbare vakansiedag; met dien verstande dat daar van hom vereis kan word om op so 'n vakansiedag te werk, en met dien verstande verder dat, indien die vakansiedag op 'n Saterdag val, hierdie subklousule nie geld vir 'n werknemer wat vyf dae per week werk nie, buiten dat hy verplig kan word om op die vakansiedag te werk.

(2) *Betaling vir werk op Sondae en openbare vakansiedae.*—'n Werknemer, buiten 'n wag, wat verplig of toegelaat word om op 'n Sondag of openbare vakansiedag te werk, moet minstens die volgende dag betaal word:—

(*a*) Minstens tweemaal sy gewone dagloon.

(*b*) in the case of every other employee, not less than twenty-four work days;

sick leave in the aggregate during each cycle of twenty-four consecutive months of employment with him and shall pay to such employee in respect of any period of absence in terms hereof not less than the wage he would have received had he worked during such period; provided—

(i) that in the first twenty-four consecutive months' employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than one work day in respect of each completed month of employment, subject to a maximum of ten work days in each period of twelve months' employment in respect of an employee referred to in sub-clause (1) (*a*);

(ii) that an employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any period of absence in excess of three work days owing to incapacity, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity;

(iii) that this clause shall not apply in respect of an employee when and for so long as his employer makes contributions in accordance with a written request of such employee to any fund or organisation nominated by the employee which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than his wage for twenty or twenty-four work days, as the case may be, in each cycle of twenty-four months' employment, and subject to a rate of accrual in the first twelve months of not less than that set out in the first proviso to this sub-clause;

(iv) that where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of incapacity in terms of this clause;

(v) that if in respect of any period of incapacity covered by this clause an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, and he so pays such wages, the provisions of this clause shall not apply.

(2) Where an employee is absent due to incapacity for a period in excess of the sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to pay only in respect of such sick leave as has so accrued; but should this occur during the first cycle of twenty-four months' employment he shall, at the expiry of the twenty-four months' employment or on termination of employment before such expiry, be entitled to be paid by his employer in respect of such excess period of absence due to incapacity to the extent to which sick leave accrued at such expiry or termination had not been taken.

(3) For the purpose of this clause the expression—

"employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is—

(*a*) absent on leave in terms of clause 6;

(*b*) absent from work on the instructions or at the request of his employer;

(*c*) absent on sick leave in terms of sub-clause (1);

(*d*) undergoing any training which he is required to do under the South Africa Defence Act, 1912;

amounting in the aggregate to not more than twelve weeks in any year and employment shall be deemed to commence from the date on which an employee entered his employer's service or from the date of coming into operation of this Determination, whichever is the later; provided that any period of employment of twelve consecutive months' employment or less, which an employee had with the same employer immediately preceding the date of the coming into operation of this Determination and during which period no sick leave or sick leave not in excess of that prescribed in proviso (i) of sub-clause (1) was granted to such employee under Determination No. 70, shall for the purposes of this clause, be deemed to be employment with such employer;

"incapacity" means inability to work owing to sickness or injury sustained in any accident, other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941, caused by an employee's own misconduct.

8. Public Holidays and Sundays.

(1) *Public Holidays.*—An employee, other than a casual employee or a watchman, shall be entitled to and shall be granted leave on all public holidays and shall be paid not less than his daily wage in respect of each such holiday, provided that an employee may be required to work on any such holiday; provided further that when such holiday falls on a Saturday the provisions of this sub-clause shall not apply in respect of an employee who works a five-day week, except that such employee may be required to work on such holiday.

(2) *Compensation for Work on Sundays or Public Holidays.*—An employer shall pay to his employee, other than a watchman, who is required or permitted to work on a Sunday or public holiday, in respect of each such day worked—

(*a*) not less than double his ordinary wage; or

(*b*) minstens 1½ maal sy dagloon, plus binne veertien dae na die betrokke dag 'n dag vakansie met minstens sy gewone dagloon;

met dien verstande dat indien 'n werknemer op 'n Sondag of openbare vakansiedag meer as sy gewone werkure per dag werk, hy bowendien minstens tweemaal sy gewone loon betaal moet word vir elke uur of gedeelte van 'n uur bo sy gewone werkure.

9. AANSPORINGSLONE EN KOMMISSIEWERK.

(1) Na minstens 'n week kennisgewing aan enige werknemer, buiten 'n handelsreisiger, kan 'n werkgewer 'n aansporingsloonstelsel invoer, en buiten soos in klousule 4 (6) bepaal moet 'n werknemer kragtens so 'n stelsel vir enige tydperk betaal word teen die toepaslike aansporingstarief; met dien verstande dat hy, afgesien van die hoeveelheid of omvang van werk gedaan, minstens die volgende moet ontvang:—

(*a*) In die geval van 'n werknemer, buiten 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin teen aansporingslone gewerk word, die weekloon wat in klousule 3 (1), saam met klousule 5 (7) gelees, vir 'n werknemer van sy klas en gebied voorgeskryf word;

(*b*) in die geval van 'n los werknemer, ten opsigte van elke dag waarop teen aansporingslone gewerk word, die loon wat in klousule 3 (1), saam met klousule 5 (7) gelees, vir so 'n werknemer voorgeskryf word;

plus vyf persent.

(2) 'n Werkgewer moet 'n staat van die aansporingslone waarvan in subklousule (1) melding gemaak word, op 'n opvallende plek in sy inrigting vertoon hou.

(3) 'n Werkgewer wat die bestaande aansporingsloonstelsel wil kanselleer of enigsins wil wysig, moet minstens een kalendermaand kennis hiervan gee aan werknemers wat kragtens dié stelsel in diens is; met dien verstande dat werkgewer en werknemer onderling kan ooreenkom op 'n langer tydperk van kennisgewing, en in dié geval moet minstens dié kennisgewing gegee word.

(4) 'n Handelsreisiger wat met sy werkgewer ooreenkom om kommissiewerk te doen, moet voor die aanvang daarvan deur die werkgewer voorsien word van 'n ware afskrif van die ooreenkoms of van 'n uiteensetting van die voorwaardes daarvan, met inbegrip van—

(*a*) kommissietarief of -tariewe en betalingsvoorwaardes;

(*b*) dag van week of maand wanneer verskuldigde kommissie betaalbaar is;

(*c*) gebied waarin handelsreisiger moet of mag werk;

(*d*) minimum en maksimum bestellings, as daar is (afsonderlik, weekliks, maandeliks of wat ook al) wat werkgewer sal aanneem;

(*e*) betalingsdag van kommissie op bestellings wat werkgewer voor beëindiging van dienskontrak aangeneem het; met dien verstande dat betaling moet plaasvind voor of op die laaste werkdag van die kalendermaand na dié in die loop waarvan die dienskontrak beëindig is.

(5) Die Ooreenkoms wat in subklousule (4) genoem word, moet geldelik minstens net so gunstig vir die handelsreisiger wees as hierdie Vasstelling; met dien verstande dat die betaaldag van 'n handelsreisiger op kommissiewerk deur die Ooreenkoms bepaal word en nie deur klousule 4 (1) geraak word nie.

(6) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6) moet 'n werkgewer 'n handelsreisiger op kommissiewerk vir enige tydperk betaal teen die tarief waaroor hulle onderling ooreengekom het; met dien verstande dat die handelsreisiger vir elke week kommissiewerk, afgesien van die getal of waarde aan bestellings wat deur die werkgewer aangeneem word, minstens die weekloon moet ontvang wat in klousule 3 (1) voorgeskryf word vir 'n handelsreisiger met sy ondervinding.

(7) 'n Werkgewer of handelsreisiger wat 'n kommissiewerkooreenkoms wil beëindig of onderhandel vir 'n wysiging daarvan moet minstens 'n week skriftelike kennis gee van sy voorneme.

10. GETALLEVERHOUDING.

(1) *Versteller en hoedeversteller.*—'n Werkgewer mag geen ongekwalifiseerde versteller of hoedeversteller in diens neem voordat hy 'n gekwalifiseerde in diens het nie, en vir elke gekwalifiseerde versteller of hoedeversteller mag hy nie meer as een ongekwalifiseerde in diens neem nie.

(2) *Vroulike klerklike werknemer.*—'n Werkgewer mag geen ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde manlike of vroulike klerklike werknemer in diens het, en vir elke gekwalifiseerde manlike of vroulike klerklike werknemer of onderbaas mag hy nie meer as een ongekwalifiseerde vroulike klerklike werknemer in diens neem nie.

(3) *Manlike klerklike werknemer.*—'n Werkgewer mag geen ongekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in diens het nie, en vir elke gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer of manlike onderbaas mag hy nie meer as een ongekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in diens neem nie.

(*b*) not less than one and a third times his daily wage and grant such an employee a day's holiday during the fourteen days next succeeding such Sunday or public holiday and pay him in respect of such holiday not less than his daily wage;

Provided that where an employee works on a Sunday or a public holiday in excess of his daily ordinary hours of work he shall in addition be paid not less than double his ordinary rate of wage in respect of each hour or part of an hour worked in excess of his daily ordinary hours of work.

9. INCENTIVE RATES WORK AND COMMISSION WORK.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, other than a traveller, apply any incentive rates work system and, save as provided in clause 4 (6), the employer shall pay to such employee employed on such system for any period remuneration at the incentive rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity or output of work done, the employer shall pay to such employee not less than—

(*a*) in the case of an employee, other than a casual employee, in respect of each week in which incentive rates work is performed, the weekly wage prescribed in clause 3 (1) read with clause 5 (7) for an employee of his class and area;

(*b*) in the case of a casual employee, in respect of each day on which incentive rates is performed, the wage prescribed for such employee in clause 3 (1) read with clause 5 (7);

plus five per cent.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the incentive rates referred to in sub-clause (1).

(3) An employer who intends to cancel or amend in any way any incentive rates work system in operation shall give his employee employed on such system not less than one calendar month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

(4) A traveller, who by Agreement with his employer undertakes commission work, shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the Agreement or a statement setting out the terms of the Agreement, which shall include—

(*a*) the trade or rates of the commission and the conditions of entitlement;

(*b*) the day of the week or month when commission earned is due and payable;

(*c*) the area in which the traveller is required or permitted to work;

(*d*) the minimum and maximum orders, if any (individual, weekly, monthly or otherwise), which the employer is prepared to accept;

(*e*) the day of payment of commission in respect of orders accepted by the employer before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work day of the calendar month next succeeding the month during which employment was terminated.

(5) The terms of the Agreement referred to in sub-clause (4) shall be financially not less favourable to the traveller than this Determination: Provided that the due date of payment of remuneration to a traveller on commission work shall be in accordance with the Agreement and the provisions of clause 4 (1) shall not apply to such payment.

(6) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay to his traveller who is employed on commission work for any period remuneration at the rate agreed upon between them: Provided that irrespective of the number or value of orders accepted by the employer, he shall pay to such traveller not less than the weekly wage prescribed in clause 3 (1) for a traveller of his experience in respect of each week in which commission work is performed.

(7) An employer or a traveller, who intends to cancel, or to negotiate for an alteration of an agreement in regard to commission work, shall give not less than one week's written notice of such intention.

10. RATIO.

(1) *Alteration hand and alteration milliner.*—An employer shall not employ an unqualified alteration hand or alteration milliner unless he has in his employ a qualified alteration hand or alteration milliner, respectively, and for each qualified alteration hand or alteration milliner employed not more than one unqualified alteration hand or alteration milliner may be employed by him.

(2) *Female clerical employee.*—An employer shall not employ an unqualified female clerical employee unless he has in his employ a qualified female or male clerical employee and for each qualified female or male clerical employee or chargehand employed not more than one unqualified female clerical employee may be employed by him.

(3) *Male clerical employee.*—An employer shall not employ an unqualified male clerical employee unless he has in his employ a qualified male clerical employee and for each qualified male employee or male chargehand employed not more than one unqualified male clerical employee may be employed by him.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word 'n werkgewer wat hoofsaaklik of voltyds die werk van 'n bepaalde klas werknemer verrig, as 'n gekwalifiseerde werknemer van dié klas beskou; met dien verstande dat die werkgewer nie in meer as een inrigting so beskou kan word nie;

(*b*) word beskou dat die uitdrukking „klerklike werknemer" 'n uitstaller en 'n winkelbediende insluit, en hierdie drie klasse werknemers kan mekaar vervang;

(*c*) kan 'n ongekwalifiseerde werknemer wat minstens die loon van 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas en gebied ontvang, as gekwalifiseerde werknemer beskou word;

(*d*) kan 'n vroulike klerklike werknemer of onderbaas wat minstens die loon van 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer in haar gebied ontvang, as 'n gekwalifiseerde manlike klerklike werknemer beskou word.

(5) Hierdie klousule geld vir elke inrigting van 'n werkgewer afsonderlik.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

(1) Indien 'n werkgewer van 'n werknemer vereis om 'n uniform, oorpak, wasbaadjie, voorskoot of mus te dra, moet hy die kledingstuk gratis verskaf, was of skoonmaak en in goeie kondisie hou, en die kledingstuk bly die werkgewer se eiendom.

(2) 'n Werkgewer moet minstens twee oorpakke of wasbaadjies per jaar gratis verskaf (en skoon en heel hou) aan 'n werknemer wat regstreeks kosware, gebak of negosie aan die publiek verkoop.

(3) Indien 'n werkgewer van 'n werknemer verwag om niewasbare beskermende klere soos waterdigte mantels of oorpakke of beskermende stewels of voorskote te dra, moet hy dié kosteloos verskaf en skoon en heel hou.

(4) In nat weer moet 'n werkgewer 'n werknemer wat in die loop van sy werk voortdurend aan die weer blootgestel is, gratis voorsien van 'n goeie waterdigte mantel of ander beskermende kledingstuk, wat die werkgewer se eiendom bly; met dien verstande dat die werkgewer, in plaas van die mantel of ander kledingstuk te verskaf, die werknemer 'n toelae van minstens twee sjielings per maand kan betaal benewens die ander besoldiging wat hy ingevolge hierdie Vasstelling moet ontvang.

(5) 'n Werkgewer en werknemer kan onderling ooreenkom dat die werkgewer, in plaas van 'n kledingstuk in subklousules (1) en (2) genoem, skoon en heel te hou, die werknemer benewens alle ander besoldiging waartoe hy ingevolge hierdie Vasstelling geregtig is, 'n toelae van minstens 'n sjieling per week per kledingstuk moet betaal; in dié geval is die werknemer verantwoordelik vir die heelmaak, buiten groot reparasies, en die was of skoonmaak van die kledingstuk of artikel.

12. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer en werknemer, buiten 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste twee weke diens, vier-en-twintig uur;

(*b*) na die eerste twee weke diens, in die geval van 'n weeklikse werknemer, een week;

(*c*) na die eerste twee weke diens, in die geval van 'n maandelikse werknemer, een maand;

kennis gee van sy voorneme om die kontrak te beëindig, of die werkgewer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur die werknemer minstens—

(i) in die geval van vier-en-twintig uur kennisgewing, die dagloon wat die werknemer by diensbeëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer by diensbeëindiging ontvang;

(iii) in die geval van 'n maand kennisgewing, die maandloon wat die werknemer by diensbeëindiging ontvang;

te betaal; met dien verstande dat dit die volgende nie raak nie:—

(i) Die reg van werkgewer of werknemer om die kontrak sonder kennisgewing te beëindig om 'n rede wat by wet as genoegsaam erken word;

(ii) 'n geskrewe ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer wat voorsiening maak vir 'n langer wedersydse tydperk van kennisgewing as wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) verbeuring of boete wat by wet toepaslik is in die geval van 'n werknemer wat wegdros.

(2) Waar daar 'n ooreenkoms bestaan kragtens die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1), moet die betaling in plaas van kennisgewing in verhouding wees met die tydperk van kennisgewing waaroor ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing wat in subklousule (1) voorgeskryf word, moet gegee word—

(*a*) in die geval van 'n weeklikse werknemer, voor of op en met ingang van die gewone betaaldag van die inrigting vir sulke werknemers;

(4) For the purpose of this clause—

(*a*) an employer who is wholly or mainly engaged in the work of any particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in such class: Provided that an employer may not be so deemed in more than one establishment;

(*b*) the expression "clerical employee" shall be deemed to include a displayer and a shop assistant and these three classes of employees shall be interchangeable with one another;

(*c*) an unqualified employee who is receiving a wage of not less than the wage of a qualified employee of his class and area may be deemed to be a qualified employee;

(*d*) a female clerical employee or a female chargehand who is receiving a wage of not less than the wage of a qualified male clerical employee of her area may be deemed to be a qualified male clerical employee.

(5) This clause shall apply to each establishment of an employer individually.

11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

(1) An employer who requires his employee to wear a uniform, overall, washing coat, apron or cap shall provide and launder or clean such garment or article free of charge and maintain it in proper condition and such garment shall remain the property of the employer.

(2) An employer shall supply and maintain in clean and good condition free of charge at least two overalls or washing coats per year to his employee directly engaged in selling foodstuffs, confectionery or groceries to the public.

(3) An employer who requires an employee to wear any form of non-washable protective clothing such as protective waterproof capes or overalls or protective boots or aprons, shall supply and maintain in clean and serviceable condition such protective clothing free of charge.

(4) An employer shall in wet weather provide his employee, who in the performance of his duties is regularly exposed to the weather, free of charge with a serviceable waterproof cape or other form of protective covering and such cape or covering shall remain the property of the employer: Provided that an employer may in lieu of providing such cape or covering pay to such employee, in addition to any other remuneration to which such employee is entitled under this Determination, an allowance of not less than two shillings per month.

(5) An employer and an employee may agree that, in lieu of maintaining and laundering or cleaning of any garment or article referred to in sub-clauses (1) and (2), the employer shall pay to his employee in addition to any other remuneration to which such employee may be entitled under this Determination, an allowance of not less than one shilling per week per garment or article in which event the employee shall be responsible for the maintenance, other than major repairs and the laundering or cleaning of the garment or article.

12. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(*a*) during the first two weeks of employment, twenty-four hours' notice;

(*b*) in the case of a weekly employee, one week's notice after the first two weeks of employment;

(*c*) in the case of a monthly employee, one month's notice after the first two weeks of employment;

of his intention to terminate the contract, or an employer may terminate the contract without notice by paying the employee not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(iii) in the case of a month's notice, the monthly wage which the employee is receiving at the date of such termination;

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeitures or penalties which by law may be applicable in respect of desertion by an employee.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall be given—

(*a*) in the case of a weekly employee, on or before, and shall commence to run from, the usual pay day of the establishment for such employees;

(*b*) in die geval van 'n maandelikse werknemer, voor of op en met ingang van die eerste of vyftiende dag van 'n kalendermaand, en die tydperk van diensopsegging moet verstryk op die laaste werkdag van die kalendermaand of die laaste werkdag voor die vyftiende dag van die volgende kalendermaand, na gelang van die geval; met dien verstande dat—

(i) die tydperk van diensopsegging nie mag saamval met en kennis nie gegee mag word tydens 'n werknemer se afwesigheid met verlof kragtens klousule 6 of 'n tydperk van militêre opleiding ingevolge die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, nie;

(ii) kennis nie gegee mag word tydens 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof kragtens klousule 7 nie;

(iii) waar slegs vier-en-twintig uur kennis gegee hoef te word, dit enige werkdag gedoen kan word.

(4) Die kennisgewing wat in hierdie klousule voorgeskryf word, moet skriftelik wees, buiten in die geval van 'n werknemer behalwe 'n leerlingapteker, winkelbediende, klerklike werknemer, versteller of hoedeversteller met 'n basiese loon van minder as £2. 10s. per week.

13. Verbod op indiensneming.

Geen werkgewer mag iemand onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

14. Dienssertifikaat.

Op versoek van 'n werknemer, buiten 'n los werknemer, moet die werkgewer hom by diensbeëindiging voorsien van 'n dienssertifikaat, in hooftrekke dié wat in die aanhangsel by hierdie Vasstelling aangegee word, met die volle name van werkgewer en werknemer, aard van diens, begin- en einddatums van kontrak en loonskaal op einddatum; met dien verstande dat die werkgewer die dienssertifikaat van 'n werknemer wat vir 'n stygende loonskaal werk, moet invul op grond van ondervinding of lengte van diens.

15. Presensieregister.

(1) Elke werkgewer moet een of meer presensieregisters in sy inrigting hê met ruimte vir die inskrywings wat die werknemer ingevolge subklousule (2) moet maak; met dien verstande dat die werkgewer in plaas van die presensieregister, 'n halfoutomatiese tydklok kan verskaf waarvan die kaartjies so naby moontlik aan die volgende vorm is:—

No._____

Naam_____

Werk geëindig_____19____

Dag.	In.	Uit.	In.	Uit.	Totaal.
vm. Maandag nm.					
vm. Dinsdag nm.					
vm. Woensdag nm.					
vm. Donderdag nm.					
vm. Vrydag nm.					
vm. Saterdag nm.					

(2) Tensy hy deur siekte of 'n ander onvermydelike oorsaak verhinder word, moet elke winkelbediende en klerklike werknemer wie se basiese loon minder as £10. 10s. per week bedra, onderstaande inskrywings ten opsigte van elke dag maak in die register wat in subklousule (1) genoem is:—

(*a*) Handtekening van werknemer;

(*b*) tyd waarop met werk begin is;

(*c*) tyd waarop met werk opgehou is;

(*d*) aanvangs- en eindtyd van elke etenspouse;

(*e*) aanvangs- en eindtyd van oortyd, as daar is;

(*f*) totale getal ure elke dag gewerk;

met dien verstande dat in 'n inrigting met 'n halfoutomatiese tydklok alle winkelbediendes en klerklike werknemers met 'n basiese loon van minder as £10. 10s. per week ten opsigte van elke dag tensy hulle deur siekte of 'n ander onvermydelike oorsaak verhinder word, deur middel van die halfoutomatiese tydklok die inskrywings moet maak wat in die voorbehoudsbepaling by subklousule (1) aangegee word.

(*b*) in the case of a monthly employee, on or before, and shall commence to run from the first or the fifteenth day of a calendar month and such notice shall expire on the last work day of the calendar month or the last work day immediately preceding the fifteenth day of the next succeeding calendar month, as the case may be: Provided—

(i) that the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of training the employee is required to undergo under the South Africa Defence Act, 1912;

(ii) that notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7; and

(iii) that where only twenty-four hours' notice is required to be given, such notice may be given on any work day.

(4) The notice prescribed in this clause shall be in writing, except in the case of an employee, other than a chemist apprentice, shop assistant, clerical employee, alteration hand or an alteration milliner, earning a basic wage of less than £2. 10s. per week.

13. Prohibition of Employment.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

14. Certificate of Service.

At the request of an employee, other than a casual employee, his employer shall upon termination of the contract of employment furnish him with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the nature of the employment, the dates of commencement and termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination: Provided that the employer shall furnish such a certificate of service to an employee whose wage is on a rising scale on the basis of experience or length of employment.

15. Attendance Register.

(1) Every employer shall provide in his establishment one or more attendance registers in which provision is made for the entries which an employee is, in terms of sub-clause (2), required to make: Provided that in lieu of such attendance register an employer may provide a semi-automatic time recorder with the necessary cards as nearly as practicable in the following form:—

No._____

Name_____

Week ending_____19____

Day.	In.	Out.	In.	Out.	Total.
a.m. Monday p.m.					
a.m. Tuesday p.m.					
a.m. Wednesday p.m.					
a.m. Thursday p.m.					
a.m. Friday p.m.					
a.m. Saturday p.m.					

(2) Unless precluded from doing so by sickness or other unavoidable cause, every shop assistant or clerical employee who is in receipt of a basic wage of less than £10. 10s. per week shall day by day and in respect of each day make the following entries in the register referred to in sub-clause (1):—

(*a*) Signature of employee;
(*b*) time of commencing work;
(*c*) time of finishing work;
(*d*) time of commencement and termination of each meal interval of work;
(*e*) time of starting and finishing any overtime worked;
(*f*) total number of hours worked each day:

Provided that in an establishment in which a semi-automatic time recorder is provided every shop assistant or clerical employee who is in receipt of a basic wage of less than £10. 10s. per week, unless precluded from doing so by sickness or other unavoidable cause, shall day by day and in respect of each day, by means of the semi-automatic time recorder, make such entries as are prescribed in the proviso to sub-clause (1).

(3) Werkgewers moet die ingevulde presensieregisters of tydkaartjies hou vir 'n tydperk van drie jaar nadat dit ingevul is.

16. LOGBOEK.

(1) 'n Werkgewer moet elke bestuurder van 'n afleweringsvragmotor of motorvoertuig wat vir die vervoer van goedere gebruik word, in sy diens voorsien van 'n logboek so na as moontlik aan die volgende vorm:—

DAAGLIKSE LOG.

Naam van werkgewer.....
Naam van bestuurder.....
Aanvangstyd van werk.....vm./nm.....vm./nm.
Eindtyd van werk.....vm./nm.....vm./nm.
Getal ure gewerk.....
Etenspouses van.....vm./nm. tot.....vm./nm.
Besonderhede van enige ongeluk of versuim.....

.....
Handtekening van bestuurder.

Datum.....19.....

(2) Elke bestuurder van 'n afleweringsvragmotor of motorvoertuig vir die aflewering van goedere wat voorsien word van die logboek wat in subklousule (1) genoem word, moet dit ten opsigte van elke dag se werk in duplikaat invul, so naby moontlik aan die voorgeskrewe vorm, en 'n volledig ingevulde duplikaat binne vier-en-twintig uur na voltooiing van die dag se werk by sy werkgewer indien.

(3) Die werkgewer moet die duplikaat van die daaglikse log wat ingevolge subklousule (2) by hom ingedien is, drie jaar lank hou.

17. ALGEMENE VOORBEHOUDSBEPALINGS.

(1) Wat ook al in hierdie Vasstelling staan, word daar nie van 'n werkgewer wat 'n bestuurder, of uitvoerende, professionele, tegniese of administratiewe werknemer wat in subklousule (3) (1) (*b*) genoem word, minstens vyf-en-twintig persent meer betaal as wat in klousule 3 (1) (*b*) voorgeskryf word, vereis om so 'n werknemer te betaal vir oortyd of vir werk op Sondae of openbare vakansiedae nie, en beperkings in hierdie Vasstelling met betrekking tot oortyd en werk op Sondae en openbare vakansiedae is ook nie op so 'n werknemer van toepassing nie, buiten dat sy gewone werkure nie meer as ses-en-veertig per week mag wees nie.

(2) Subklousule (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige versorger-bestellingnemer, handelsreisiger, handelsreisiger se bestuurder of monsterbediende wie se besoldiging, soos tussen hom en sy werkgewer ooreengekom, minstens vyf-en-twintig persent hoër is as wat in klousule 3 (1) (*a*) vir sy klas en gebied voorgeskryf word.

(3) Vir die toepassing van hierdie klousule en van klousule 3 (1) (*b*) sluit die uitdrukking „besoldiging" nie die volgende in nie; lewenskoste-, vermaaklikheids-, onderhouds-, vervoer- of enige ander toelae buiten dié vir 'n private woning, en dié besoldiging word vir die toepassing van klousules 6 en 7 beskou as die loon wat in klousule 3 voorgeskryf word.

AANHANGSEL.

Ek/Ons,.....
(*a*) wat handel dryf as.....
te.....
(*b*) sertifiseer hiermee dat mnr./mevr./mej.....
by my/ons in diens was van die.....dag van.....19.....
tot die.....dag van.....19....., in die
hoedanigheid van (*c*).....
By diensbeëindiging was sy/haar loon.....pond
.....sjielings.....pennies,
(*d*) per week/maand.

.....
Handtekening van werkgewer of gevolmagtigde verteenwoordiger.

Datum.....

(*a*) Noem algemene aard van onderneming, bv. apteker, juwelier, handelaar in ysterware, drankhandelaar, algemene handelaar.

(*b*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

(*c*) Noem hoedanigheid waarin werknemer hoofsaaklik of voltyds in diens was, bv. winkelbediende, magasynmeester, fietsmonteur, hyserbediener.

S. P. DU T. VILJOEN, *Voorsitter.*
P. R. VIVIERS, *Lid.*
J. J. SCHEEPERS, *Lid.*
T. R. B. READ, *Sekretaris.*

Pretoria,
18 November 1952.

(3) Every employer shall retain the completed attendance registers or semi-automatic time record cards for a period of three years subsequent to the date of the completion thereof.

16. LOG BOOKS.

(1) Every employer shall provide each driver of a delivery van or motor vehicle used for the conveyance of goods in his employ with a log book as nearly as practicable in the following form:—

DAILY LOG.

Name of employer.....
Name of driver.....
Time of starting work.....a.m./p.m.....a.m./p.m.
Time of finishing work.....a.m./p.m.....a.m./p.m.
Number of hours worked.....
Meal hours from.....a.m./p.m. to.....a.m./p.m.
Particulars of any accident or delay.....

.....
Signature of Driver.

Date.....19.....

(2) Every driver of a delivery van or motor vehicle used for the conveyance of goods upon being provided with the log book referred to in sub-clause (1) shall keep the said daily log in duplicate, as nearly as practicable in the form prescribed, in respect of each day's work, and shall within twenty-four hours of the completion of the day's work to which it relates deliver a duplicate completed copy thereof to his employer.

(3) Every employer shall retain the duplicate completed copy of the daily log, which in terms of sub-clause (2) has been delivered to him, for a period of three years subsequent to the occurrence of that event.

17. GENERAL SAVINGS.

(1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, any employer who pays any manager or executive, professional, technical or administrative employee, such as is referred to in clause 3 (1) (*b*), remuneration at a rate of not less than twenty-five per cent more than the remuneration referred to in the said clause 3 (1) (*b*), shall not be required to pay remuneration to any such employee for overtime worked or for any work done on any Sunday or public holiday, nor shall any restrictions prescribed in this Determination in relation to overtime or work on Sundays or public holidays apply to such employee, whose ordinary hours of work shall not, however, exceed forty-six in any week.

(2) The provisions of sub-clause (1) shall *mutatis mutandis* apply to any service supply salesman, traveller, traveller's driver or sample boy whose remuneration, as agreed upon between himself and his employer, is not less than twenty-five per cent higher than that prescribed in clause 3 (1) (*a*) for his class and area.

(3) For the purpose of this clause and clause 3 (1) (*b*) the expression "remuneration" shall not include cost of living, entertainment, subsistence, transport or any other allowance other than a private dwelling allowance and such remuneration shall, for the purposes of clauses 6 and 7, be deemed to be the wage prescribed in clause 3.

SCHEDULE.

I/We.....
(*a*) carrying on trade as.....
at.....
(*b*) hereby certify that Mr./Mrs./Miss.....
was employed by me/us from the.....day of.....
19.....to the.....day of.....19....., in the
(*c*) occupation of.....
At the termination of employment his/her wage was.....
.....pounds.....shillings.....pence.
(*d*) per week/month.

.....
Signature of Employer or Authorised Representative.

Date.....

(*a*) State general nature of trade, e.g. chemist, jeweller, hardware merchant, bottlestore keeper, general dealer.

(*b*) Delete whichever inapplicable.

(*c*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. shop assistant, storeman, bicycle assembler, lift attendant.

S. P. DU T. VILJOEN, *Chairman.*
P. R. VIVIERS, *Member.*
J. J. SCHEEPERS, *Member.*
T. R. B. READ, *Secretary.*

Pretoria,
18th November, 1952.

✱ No. 137.] [16 Januarie 1953.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TYDPERKE VAN TOEPASSING VAN DIE OOREENKOMSTE VIR DIE KLERASIENYWERHEID, NATAL.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hiermee, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 30 April 1953, die tydperke vermeld in Goewermentskennisgewing No. 2251 van 21 Oktober 1949 en Goewermentskennisgewing No. 3055 van 30 November 1951, soos verleng deur Goewermentskennisgewing No. 2399 van 17 Oktober 1952.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

✱ No. 138.] [16 Januarie 1953.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

VERLENGING VAN TERMYNE VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMSTE VIR DIE BAK- EN/OF BANKETNYWERHEID, KAAP.

Ek, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister van Arbeid, verleng hierby, kragtens subartikel (5) van artikel *agt-en-veertig* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, tot 20 Maart 1953, die termyne vermeld in Goewermentskennisgewing No. 1197 van 11 Junie 1948, Goewermentskennisgewing No. 3148 van 7 Desember 1951, Goewermentskennisgewing No. 911 van 25 April 1952 en Goewermentskennisgewing No. 1358 van 20 Junie 1952, soos verleng by Goewermentskennisgewing No. 2165 van 19 September 1952.

B. J. SCHOEMAN,
Minister van Arbeid.

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

✱ No. 91.] [16 Januarie 1953.

INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN DIE PASWETTE.

Kragtens subartikel (2) van artikel *veertien* van Proklamasie No. 150 van 1934, soos gewysig, gelas ek, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister van Naturellesake, dat die vrystelling verleen aan die volgende persone ingevolge Proklamasie No. 150 van 1934 by die vrystellingsertifikate wat teenoor hul name aangegee word, hierby ingetrek word.

H. F. VERWOERD,
Minister van Naturellesake.

Naam.	*Vrystellingsertifikaat No.*
Peter Tickie Lethurie.....	5221
Elias Tsotetsi.....	516/180

✱ No. 108.] [16 Januarie 1953.

NATURELLE-VERTEENWOORDIGINGSWET, 1936 (WET No. 12 VAN 1936).—BEDANKING VAN SENATOR, KIESGEBIED VAN DIE PROVINSIE NATAL.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Edgar Harry Brookes wat as Senator kragtens die Naturelle-Verteenwoordigingswet, 1936 (Wet No. 12 van 1936), vir die kiesgebied van die Provinsie Natal verkies is, op 31 Desember 1952 as Senator bedank het.

✱ No. 137.] [16 January 1953.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF THE PERIODS OF OPERATION OF THE AGREEMENTS FOR THE CLOTHING INDUSTRY, NATAL.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 30th April, 1953, the periods referred to in Government Notice No. 2251 of the 21st October, 1949 and Government Notice No. 3055 of the 30th November, 1951, as extended by Government Notice No. 2399 of the 17th October, 1952.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

✱ No. 138.] [16 January 1953.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

EXTENSION OF PERIODS OF OPERATION OF AGREEMENTS FOR THE BAKING AND/OR CONFECTIONERY INDUSTRY, CAPE.

I, BAREND JACOBUS SCHOEMAN, Minister of Labour, hereby, in terms of sub-section (5) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, extend to the 20th March, 1953, the periods referred to in Government Notice No. 1197 of the 11th June, 1948, Government Notice No. 3148 of the 7th December, 1951, Government Notice No. 911 of the 25th April, 1952, and Government Notice No. 1358 of the 20th June, 1952, as extended by Government Notice No. 2165 of the 19th September, 1952.

B. J. SCHOEMAN,
Minister of Labour.

DEPARTMENT OF NATIVE AFFAIRS.

✱ No. 91.] [16 January 1953.

CANCELLATION OF EXEMPTION FROM THE PASS LAWS.

Under sub-section (2) of section *fourteen* of Proclamation No. 150 of 1934, as amended, I, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister of Native Affairs, order that the exemption granted to the undermentioned persons under Proclamation No. 150 of 1934, by the exemption certificates indicated opposite their names, shall be and is hereby cancelled.

H. F. VERWOERD,
Minister of Native Affairs.

Name.	*Exemption Certificate No.*
Peter Tickie Lethurie.....	5221
Elias Tsotetsi.....	516/180

✱ No. 108.] [16 January 1953.

REPRESENTATION OF NATIVES ACT, 1936 (ACT NO. 12 OF 1936).—RESIGNATION OF SENATOR, ELECTORAL AREA OF THE PROVINCE OF NATAL.

It is hereby notified for general information that Edgar Harry Brookes, who was elected as a Senator under the Representation of Natives Act, 1936 (Act No. 12 of 1936), for the electoral area of the Province of Natal, resigned his seat on the 31st December, 1952.

✱ No. 111.] [16 Januarie 1953.

SENTRALE NATURELLE-APPÈLHOF.—SITTINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Naturellesake, kragtens subartikel (6) van artikel *dertien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), bepaal het dat 'n sitting van die Sentrale Naturelle-appèlhof om 10-uur vm. op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:—

Johannesburg, 26 Januarie 1953.
Johannesburg, 16 Februarie 1953.

✱ No. 112.] [16 Januarie 1953.

SENTRALE NATURELLE-EGSKEIDINGSHOF.—SITTINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Naturellesake, kragtens subartikel (6) van artikel *dertien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en subartikel (4) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927, Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), bepaal het dat 'n sitting van die Sentrale Naturelle-egskeidingshof om 10-uur vm. op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:—

Johannesburg, 5 Januarie 1953.
Kimberley, 2 Februarie 1953.
Mafeking, 5 Februarie 1953.
Johannesburg, 2 Maart 1953.

✱ No. 126.] [16 Januarie 1953.

ARBEIDSDISTRIK DUNDEE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewentien* van die Naturellearbeid Regelingswet, 1911 (No. 15 van 1911), soos gewysig, verklaar ek, HENDRIK FRENSCH VERWOERD, Minister van Naturellesake, dat die omskrywing van die Arbeidsdistrik Dundee, soos vervat in Bylae A van Proklamasie No. 1 van 1924, soos gewysig by Proklamasie Nos. 170 van 1925, 228 van 1925, 24 van 1926 en 176 van 1934, hierby verder gewysig word deur die byvoeging, onder die paragraaf „In die Magistraatsdistrik Dundee" van die plase Knowesley No. 8926 en Cecelia No. 7766.

✱ No. 133.] [16 Januarie 1953.

NOORDOOSTELIKE NATURELLE-APPÈLHOF.—SITTINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Naturellesake, kragtens subartikel (6) van artikel *dertien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), bepaal het dat 'n sitting van die Noordoostelike Naturelle-appèlhof om 10-uur vm., of so spoedig daarna as wat gerieflik is, op onderstaande plekke en datums 'n aanvang sal neem:—

Magistraatshof, Vryheid, Dinsdag, 7 April 1953.
Kamer 35, Magistraatshof, Commercialweg, Pietermaritzburg, Maandag, 20 April 1953.
Magistraatshof, Eshowe, Dinsdag, 28 April 1953.
Naturellekommissarishof, Stangerstraat 18, Durban, Maandag, 4 Mei 1953.
Ou Barclays Bank-assuransiegebou, Paleisstraat, Kerkplein, Pretoria, Woensdag, 10 Junie 1953.

✱ No. 134.] [16 Januarie 1953.

NOORDOOSTELIKE NATURELLE-EGSKEIDINGSHOF.—SITTINGS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Sekretaris van Naturellesake, kragtens subartikel (6) van artikel *dertien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en subartikel (4) van artikel *tien* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927, Wysigingswet, 1929 (Wet No. 9 van 1929), bepaal het dat 'n sitting

✱ No. 111.] [16 January 1953.

CENTRAL NATIVE APPEAL COURT.—SESSIONS.

It is hereby notified for general information that, in terms of sub-section (6) of section *thirteen* of the Native Administration Act, 1927 (Act No. 38 of 1927) the Secretary for Native Affairs has fixed the following places at which and dates on which the Central Native Appeal Court will commence a session at 10 a.m.:—

Johannesburg, 26th January, 1953.
Johannesburg, 16th February, 1953.

✱ No. 112.] [16 January 1953.

CENTRAL NATIVE DIVORCE COURT.—SESSIONS.

